

- 1 **Carl Session 1**
- 2 C: = Carl, I: = Interviewer (Carien); P: = Penny; S: = Susan (2 Feb 2004)
- 3 J=Jenny and T – Tina, couple that introduced me to this family, also present
- 4 (Vul vorm van toestemming in)
- 5 S: So jy gaan nou basies 'n storie skryf? Dan gaan julle net skuilname gebruik?
- 6 I: Ummm... Ek wil sommer eintlik 'n gedagte toets wat ek hierdie, laas week Vrydag
- 7 by 'n vrou in Johannesburg en sy het so 'n video van Amerika, waar klein
- 8 kindertjies, man hulle is tussen sewe en elf ek dink, praat oor hulle familie en hulle
- 9 twee mammas of twee pappas en 'n teddy beer en 'n voëltjie en you name it... en
- 10 ek's nogal lus om so iets te maak, maar dan is dit baie meer konfronterend né[ma
- 11 stem saam] want dan is dit 'n gesiggie op 'n video wat almal kan sien, en ek weet
- 12 nog nie of ons reg is vir dit nie, maar hou dit in julle agterkoppe. [lag]
- 13 P: Ek's nie band om op 'n video te kom nie, ek's nie skaam nie
- 14 I: Ek dink dit kan nogal 'n goeie impak maak en ek dink ons het nogal so iets nodig,
- 15 want hulle doen byvoorbeeld opleiding met onderwysers en ander sielkundiges en
- 16 wys hierdie die video, maar dis Amerikaans, ek dink daar is nogal 'n nood in ons
- 17 land. Alright! Is julle gemaklik daarmee?
- 18 P: Umm
- 19 I: Nou ja, vandag dink ek kan ons sommer maar net chat. Dit wat in julle koppe is en
- 20 waar julle wil begin en so aan, gaan nie te veel van julle tyd ook mors ook nie [kyk
- 21 na couple wat my gebring en gelink het met hd familie], maar julle is ook welkom om
- 22 te chip... want julle is nou hier [Umm] en ja dit lyk nogal soos 'n extended family.
- 23 J: Ons het groot gedeeltes van hom sien grootword
- 24 C: Imm.
- 25 Hoesery
- 26 P: ...Nou gesels nou so 'n bietjie
- 27 I: Miskien moet Ma's-hulle begin.
- 28 C: Begin ma...
- 29 S: Miskien is dit beter as jy vrae vra
- 30 C: Imm, sy moet vrae vra
- 31 S: Wat wil jy weet, waarom moet ons praat
- 32 I: Vertel van julle gesin en wie is julle en...
- 33 C: Ek het 'n pa en 'n ma, ouderdom... [ek dink hy't gesê 70 of iets, almal lag]
- 34 Almal lag
- 35 P: Wragtag Carl
- 36 I: Ja ...[lag] Jy het al klaar die geheim uitgelaat, jy gaan nie weer nie.
- 37 Almal lag
- 38 C: En jy wil nog vanaand ry
- 39 I: Ja
- 40 S: Ek dink ons is, imm, een happy familie, ons het ons pyn, ons het ons hartseer
- 41 C: Ons baklei baie...
- 42 S: Ja, ons twee ons 2 kan baie baklei. Dan word sy kwaad vir ons omdat ons baklei.
- 43 Dan is ons twee lankal weer pelle, maar dan is sy nog kwaad vir ons [lag]. Ek dink
- 44 ons is baie stabiel sal ek sê. Ek dink ons het hom goed grootgemaak, na die beste
- 45 van ons vermoë. Ons sal byvoorbeeld nie as ons by die skool is aan mekaar hang
- 46 nie, of hom in 'n swak lig stel nie, al van laerskooldae af...
- 47 I: Umm
- 48 S: Even voor ons families, hulle het al vir ons gesê hulle waardeer dit... Dit is
- 49 heeltemal anderster as ander mense, ons hang nie aan mekaar nie. Hulle weet ons
- 50 is in 'n affair en hulle aanvaar dit honderd persent. My broer en sy vrou, hy is my pa

- 51 se kleinseun. Hulle is nou sy Oupa en Ouma, hulle het nie probleme met ons nie,
 52 glad nie, en hulle waardeur dit dat ons nie aan mekaar hang nie. Ook voor hulle
 53 kleinkinders.
- 54 I: Umm
- 55 S: Dis soos ons sal nie in die straat loop en hande vashou nie. Ons sal nie
 56 konfrontasie ontlok nie. Ek weet nie wat ek nog kan byvoeg nie.
- 57 P: Begin by die begin man...
- 58 S: Nee, dis lang terug
- 59 C: Fluit,
- 60 P: Begin by die begin ...
- 61 I: Hoekom nie?
- 62 P: Toe ons ontmoet het en...
- 63 S: Dit gaan oor Carl hoor...
- 64 C: Toe jy so 'n 'afro' gehad het
- 65 I: [lag] Vertel laat ek hoor, dit raak juicy
- 66 P: Nee moenie so begin nie
- 67 C: Dan kan jy dit in jou boek sit, dan sny ons net die gesigte uit
- 68 I: Dit klink vir my na 'n goeie plan
- 69 P: Nee jissie, He uhh
- 70 P: Ons het baie probleme gehad in die begin hoor. Ons het baie baklei daarvoor. As hy
 71 byvoorbeeld, imm, iets wil doen, dan sê sy hy mag dit nie doen nie, dan kom hy na
 72 my toe, dan sê ek hy mag dit doen. Dit het later beter geraak, maar in die begin,
 73 ten minste vir twee jaar, omtrent twee jaar. Ek het baie kwaad geraak. Kyk dis my
 74 kind die en jy los my kind uit, sy moenie inmeng nie. En umm... ons het al altwee...
 75 ons het maar 'n harde paadjie saam geloop. Baie probleme gehad met hom, op 'n
 76 stadium met die skool in graad een. Met die kinders wat hom gespot het, hy't nie 'n
 77 pa nie en
- 78 I: Ja
- 79 P: Toe het ons dit nog met die skool uitgesorteer met die skool en vir hulle die
 80 omstandighede vertel en dit. Van daar af was dit toe baie beter gewees.
- 81 S: Behalwe nou die dag, maar dit was in die hoërskool
- 82 P: Ja, 'n mens is mos maar bietjie skrikkerig voor ander, van sy vriende kom hiernatoe
 83 en dan kom daar nou en dan glipsies deur om te sê soos Engel of Spook, of iets
 84 van die aard. Maar, ek dink tog ons is baie [- - hoesery saam – dink iets van
 85 respek of bedag daarop]
- 86 I: Okay
- 87 S: Hy is die een wat dit nou, op hoërskool het hy dit self uitgebring.
- 88 I: Okey
- 89 S: Ja, ons was geskok toe hy in die kar klim en sê 'almal weet nou.' Weet wat. Dat julle
 90 gay is. Hu!
- 91 (Lag)
- 92 I: Sonder hulle toestemming
- 93 C: Ja
- 94 S: Ja, net die leerlingraad het almal daar in 'n kring gestaan. Toe sê oubaas vir jou,
 95 wat (vra vir Carl), toe vra hy net vir hom nou wie is jou ma en wie is jou stiefma? Of
 96 wat,
- 97 C: Ja
- 98 S: En toe antwoord jy, toe sê jy vir hom nou waar wil jy nou wees, dis my pa en my
 99 ma.
- 100 Almal lag
- 101 I: Umm. Wanneer het dit gebeur toe jy st 6 was of nou..

102 Almal: Nou
 103 I: Met die leerlingraad. Alright. Ek dink dis baie braaf hanteer.
 104 S: Ek sê mos, dit was baie braaf. Hy kon sy balkie verloor het, hy kon alles verloor het,
 105 hy was baie braaf
 106 P: Ag en weet jy baie mense het altyd vir ons gesê 'n kind sal nooit ... slim en...
 107 C: Wie't dit gesê?
 108 P: Mense
 109 C: Sê my, ek gaan brand hulle huis af
 110 Lag
 111 I: [lag], wow
 112 P: En akademies het hy baie goed gevorder. Met krieket het hy baie goed gevorder.
 113 Hy was prefek laerskool gewees... het het ummm... met die krieket het hy, wat
 114 C: Noord-Transvaal kleure gekry.
 115 I: Geluk!
 116 P: Hy het medaljes gekry vir krieket. Hy het nou weereens gewys en leerlingraad
 117 geword. So ek dink hy het vir baie mense het hy ...
 118 I: Gewys... ummm
 119 P: Ek kan dit doen. En ek sal dit doen. En daar's hy vandag
 120 S: En hy is straight.
 121 P: Ja, en hy is straight, seblief.
 122 I: Damn... jammer is die res van ons nou
 123 Almal: [lag]
 124 P: En jy weet baie straight mense dink dat as 'n kind by twee gay ouers grootword...
 125 jou kind gaan 'n moffie word of 'n lesbiën word en klaar..
 126 C: Eintlik is ek mos 'n lesbiën
 127 Lag
 128 I: Daarsy
 129 S: Maar daar's my kind nou. Hy het klaar sy eerste liefdesteleurstelling gekry so hy
 130 gaan vir my reguit na sy ma se kant toe..lag
 131 I: (lag) Klink eintlik vir my baie logies.
 132 P: My kind, praat jy nou bietjie.
 133 C: Ek praat mos nou.
 134 P: Jy moet ook bietjie praat
 135 I: Dis oraait
 136 I: Hoe oud was hy toe julle bymekaar gekom het?
 137 P: 4 jaar
 138 C: Die 8ste Maart en die 10 de Maart het ek verjaar.
 139 I: Okay, en wat onthou jy van daai kleintyd?
 140 C: Ek kon nie praat nie
 141 I: Alright
 142 C: Al wat ek onthou is die kos en die kos???
 143 I: Dis ook fine, die k en die k lê na aan mekaar
 144 C: Ek onthou my ouma, en as sy nader kom, dan sê ek net kos-kos-kos
 145 I: Ag shame. Dit is sulke lekker childhood memories wat 'n ou bybly.
 146 C: Maar hulle herinner my.
 147 I: Alright
 148 C: Ek't geloop in my slaap
 149 P: Een aand, hy slaap sonder 'n hemp. Nou staan hy daar, gereed om te boks, voor
 150 die computer screen. En ek vra hom wat nou! En hy's gereed om hierdie persoon te
 151 gryp

- 152 I: Oh-boy. Solank hy nie so uit die huis uit stap en in die kar klim nie. Ja, sulke dinge
153 aanvang nie.
- 154 C: Ek slaap in die buitekamer
- 155 I: Oo! Alright. Lekker vryheid
- 156 C: Party dae ja
- 157 I: [lag] Wanneer was jy so gelukkig om uit te skuif.
- 158 S: So Januarie
- 159 I: So dis onlangs
- 160 C: Hulle moan altyd hulle kan nie in my kamer kom nie, en omdat ek nie my kamer
161 skoonmaak nie
- 162 I: Daar's hy, man met 'n plan.
- 163 [chat oor kamer]
- 164 I: Brei 'n bietjie uit oor die graad een incident, want dit is ook nogal van die goed wat
165 gewoonlik...
- 166 C: Hulle het gedink ek gaan huil.
- 167 I: En toe huil hulle en nie jy nie
- 168 C: Hulle het gehuil, maar ek loop net.
- 169 I: Jy is heel happy.
- 170 P: Ja, maar ek
- 171 C: Nou is ek spyt ek het geloop.
- 172 I: [lag] Min het jy geweet.
- 173 C: nou's dit 12 jaar
- 174 S: Maar ek moet sê hy is baie... ek ken nie die Afrikaanse woord
- 175 P: Sê die Engelse woord
- 176 S: Independant
- 177 stemme: Onafhanklik.
- 178 P: Ja, hy sal byvoorbeeld somer vir 'n maand, hy het nou Desember maand, het hy
179 'n huis opgepas, ons is die hele maand weg. Ons sal vir hom kruideniers los, en ons
180 sal hom bel ...Hy is selfversorgend. Hy kan darem verantwoordelikheid vat
- 181 I: Wat gebeur met ma se hart as haar kleinding so onafhanklik is?
- 182 P: Ek moet net dink aan die ...
- 183 C:...?
- 184 I: Ag hulle gun jou ook nie 'n oomblik nie
- 185 P: Hy sal nie vir my 'n SMS stuur Ma ek mis jou, ek is lief vir jou nie, nee dis altyd net
186 vir Susan.
- 187 S: Wat?
- 188 C: Ma' sy kan mos dit oordra
- 189 I: immm.
- 190 P: Maar jy moet vir my ook
- 191 S: Sy's net jaloers
- 192 C: Ja
- 193 P: Hy't mos vir my gesê die dag wat ek en Susan uitmekaar gaan, kom hy nie na my
194 toe nie
- 195 I: O, okay, klaar gekies
- 196 P: Graad 1 was 'n, nogal 'n ondervinding gewees, hoor, 'n groot ondervinding, wel ek
197 was baie bang, ek was...
- 198 S: Maar hoekom, want hy't vir my gesê stiefpa... en ek het vir jou gesê ons beter die
199 kind afleer om so te sê, dit gaan by die skool moeilikheid veroorsaak... As ek hom
200 in die middag gaan haal "Hallo stiefpa." (skree uit). Kruip ek weg agter daardie
201 stuurwiel..
- 202 I: Trek jy nie vir jou 'n das aan en sit vir jou 'n hoed op jou kop nie [lag]

- 203 S: Nee, hierdie een vat my aan die hand..Nou dat hy weer in die hoërskool is begin hy
 204 met Pa, ook nie altyd nie, maar
- 205 C: By die huis, voor vriende
- 206 I: Soos by die kerk
- 207 S: Hy sal nog voor my familie, want hy's ... en dan as ons by die huis kom is dit Pa.
 208 En ek like dit nou.
- 209 I: Ummm
- 210 C: Ek weet waar jy bly . Ek bly naby jou.
- 211 S: Huh, wat sê jy?
- 212 P: Hy weet waar bly jy
- 213 C: Anders brand ek jou huis af (humoristies – lag...)
- 214 P: Hy wil net almal se husie afbrand
- 215 I: [lag] Ja, jy moet oppas. Ek gaan nou weer inzoem op die graad een insident. Hoe
 216 het dit uitgekóm by die huis, was daar probleme by die skool?
- 217 P: Weet jy, hy was...
- 218 S: Het hy nie gehuil die dag nie?
- 219 P: Ja, hy was baie hartseer die middag toe hy van die skool af kom. Toe het hy in die
 220 bad gaan sit. Toe vra ek hom, seun wat's fout. Toe begin hy te huil. Toe was hy nog
 221 klein. Toe het ek op die toilet gaan sit en met hom gepraat. Toe begin hy vreeslik
 222 huil en sê vir my daar is kinders wat hom spot. Toe sê ek vir hom nou wat sê hulle
 223 vir hom. Nee hy het nie 'n pa nie. Toe sê ek vir hom sê vir hulle jy't nie 'n pa nie
 224 maar jy is baie bevoorreg want jy het twee Ma's. En ummm. ... Toe't ek na sy
 225 juffrou toe gegaan en met sy juffrou gepraat en die omstandighede verduidelik en
 226 gesê hy het 'n pa maar ons is geskei van mekaar af en ...dis die omstandighede en
 227 hulle moet seblief dat hulle my kind weer spot nie, want dit kan'n groot terugslag in
 228 sy lewe wees
- 229 I: Umm
- 230 P: En van daar af nooit weer nie. Hy het nooit weer hartseer een dag van die skool af
 231 gekom nie.
- 232 I: Umm... Ummm
- 233 P: En
- 234 I: Hoe het sy dit hanteer? Want dit was ook nou al 'n hele paar jaar terug...
- 235 P: Ek weet nie. Die juffrou?
- 236 I: Ja, toe jy nou met haar praat? Was sy geskok of oorbluf of...
- 237 P: Nee, weet jy, dit was 'n nice onderwyseres gewees. Ek was mal oor daai juffrou
 238 gewees. Jy kon met enige iets na haar toe gekom het. Enige iets
- 239 S: Was dit nie daai ouerige een gewees nie?
- 240 C: Nee, dit was A by wie ek in graad twee was.
- 241 S: Was dit A.
- 242 I: Okay,ja, maar dit was daai tyd.
- 243 ... { stuk oor kleuterskool en hy maak grappies bv. dat jy nie met rooi kryt kan eks skryf
 244 nie – almal leg lekker vir sy verspotte aanmerkings...
- 245
- 246 I: Okay, ek gaan nou bietjie op jou inzoem. Omtrent nou hoërskooltyd, want dit is nou
 247 die ander crucial ding in 'n mens se lewe. Dan gaan jy nou van standerd vyf na
 248 standerd ses toe...Het dit ooit 'n issue geword dat jy iets moet share van jou
 249 familie?
- 250 C: Met my memory kan ek nie onthou nie.
- 251 I: Dan moet 'n mens maar skryf, ek gaan vir jou 'n mooi dagboekie koop, dan kan jy
 252 elke dag se memories neerskryf.
- 253 S: Dit lyk my hy gaan ook moet begin onthou.

- 254 I: Hy sal ook moet begin onthou. [lag]
 255 C: Ek was vet gewees en ek het 'n kantpaadjie gedra
 256 I: Okay. Was jy vet, ek kan nie dink dat jy kon vet wees nie.
 257 P: Hy het 'n lekker gewiggie gehad aan hom.
 258 I: Wie het jou so rond gevoer?
 259 C: Die mense op straat.
 260 I: Oo!
 261 [lag]
 262 C: [---] want hulle het my mangels uitgehaal en toe maak hulle my eet
 263 Almal lag
 264 I: (lag) Jou mangels het niks met jou gewig te doen nie
 265 C: Toe begin ek eet en eet en eet
 266 S: Hy was 'n baie sieklike kind
 267 C: Ek het al my kindersiektes op een slag gehad
 268 I: Ag shame.
 269 C: En toe haal hulle my mangels uit. En toe kom hulle agter ek is doof ...
 270 S: Jy kan darem so paar jaar terug onthou.
 271 I: Ummm. Nogal
 272 C: Ek het so 50% gehoor gehad in die een oor. Toe opereer hulle my. ...
 273 I: Umm
 274 C: En toe bly my ore skeef
 275 [lag]
 276 I: Niemand se ore is gelyk nie.
 277 C: Ja, maar as jy 'n bril opsit
 278 I: Maar dit lyk nie so op...
 279 C: Nee, die een is dikker as die ander een.
 280 S: [lag] Dis waar hy het my die ander dag gewys...
 281 I: Fyn nuanses, dis waar mens kyk na onder, mens kyk nie na bo nie, ja [stem saam]
 282 I: Penny, jy het gemention party mense het gese hy kan ek maar sê gaan 'n "wash
 283 out" word of niks bereik nie, (Carl – wie) Jy kan later vir haar vra. Imm, Is daar
 284 mense gewees wat jou aangemoedig het en gesê het dit is great... of wat amper
 285 ondersteuning gegee het en reassurance?
 286 P: Nee, ek ... Nee, nee.
 287 S: Nee ons het net ons gatte aan hulle afgevee
 288 I: Umm Okay ja
 289 P: ... Ons het gebattle, hoor. Ons het regtig
 290 I: Soos in hoe?
 291 P: Finansies... Daar is partykeer nie geld, kyk sy, umm, ek wil nou nie sê sy pa nie,
 292 want dan trap hy my nou weer uit, ummm, okay, hy betaal nie onderhoud nie, hy
 293 ummm, hy het sy kind afgeteken en dis dit, so ons het finansiële bietjie swaar gekry
 294 en ummm...jy weet soos die skoolfonds is duur, die skoolklere is duur en
 295 I: Boeke en sport..
 296 S: Ek kan net vir die Here dankie sê, die afgelope twee jaar, het sy oupa en ouma
 297 gehelp, dis nou Susan se broer ... so haar boetie en sy vrou, het ons hierdie jaar
 298 baie gehelp; hulle het ons deur die jare baie bygestaan. Hulle almal. Susan se ma
 299 en pa het ook vir 'n paar jaar by ons gebly. En ons finansiële baie bygestaan. Kos
 300 gekoop. As hy klere nodig gehad het, het hulle altyd vir ons 'n paar rand gegee,
 301 gaan koop klere. So, ons het swaar gekry met hom, maar ons is baie trots op hom.
 302 Hy het gewys hy kan dit doen. So, maar hy het baie swaar gekry saam met my ex,
 303 hy het hom gebrand met stompies, en jy weet, ons altwee het swaar... So en toe ek
 304 by haar ingestap het was ek omtrent 'n alkoholis ... en umm

Carl Session 1

- 7 -

- 305 C: Net polonie en kaas geëet
 306 I: Wat mompel hy?
 307 Klomp stemme - lag
 308 I: Of moet ek dit liewer nie eers hoor nie.
 309 'n Klomp gelag
 310 I: O dis 'n saak tussen ma en seun hierdie
 311 C: As jy in ons huis instap. Elke dag dan koop sy kaas en polony en dan eet jy dit alles
 312 op, op een dag.
 313 P: lag 'embarrassed'
 314 I: Gelukkig weet ons hy kan dit nie onthou nie, so...
 315 C: Nee dis...
 316 P: Maar onthou ek het swaargekry ...
 317 [lag]
 318 S: Die aand voor ek by haar ingetrek het, het hy my weer goed geslaan en...en toe
 319 vat ek my goed.en van toe af is ons saam
 320 I: Dis great
 321 P: Ons het harde bene gekou maar daardie bene begin nou sag raak, hulle is nou nie
 322 meer hard nie
 323 [lag]
 324 [- - -]
 325 I: [lag] Ummm
 326 S: Ons stres nou al, wat gaan van hom word. Hy weet lankal al wat wil hy word. Hy wil
 327 dollars maak.
 328 I: Wat gaan jy maak om daai dollars te verdien?
 329 C: Ek gaan myn toe.
 330 I: O, Okay.
 331 C: Ek gaan leer vir 'n skofbaas. Hulle sê my eerste salaris gaan omtrent twaalfduisend
 332 rand wees
 333 S: En wat is daai ding waarvoor jy verder.
 334 C: CEO, general manager vd myn
 335 I: Okay. Platinum myn of wat?
 336 C: Anglo Platinum - - -
 337 C: Dan koop ek vir my 'n wildsplaas, ek het 50 persent aandeel en Susan die ander 50
 338 persent
 339 I: Umm, maak net seker dat jy weet waar die droogte siklusse is, sodat jy genoeg vee
 340 wegmaak voor die droogte kom soos nou.
 341 S: 'n Wildsplaas, waarvan praat jy? [lag]
 342 C: - - -
 343 I: Ja
 344 C: Dan bewaar mens mos wild.
 345 P: So jy gaan biltong eet.
 346 I: Umm
 347 C: - - -
 348 I: imm, Dit is nou meer die sensitiewe dele as dit regtig op hierdie grys vlakke raak.
 349 Soos julle vandag van die leerlingraad gepraat het en hoe jy daardie groot seun
 350 terug gechirp het. Imm... tel ek op dat dit so amper 'n bekommernis was dat ma-
 351 hulle nogsteeds weet, dit respekteer en nie aanmekaar moet hang as hulle by die
 352 skool kom en so nie, hoe maklik sê jy dit vir hulle?
 353 C: Ek het net my ma-hulle gesê en hulle weet nou daarvan, maar hulle hou by die reëls

- 354 I: Wat dink jy dit sal gebeur as hulle anders doen as hulle hierdie absolute out-mense
 355 raak en aan mekaar hang of net hande vashou by die skool, wat sal die kinders
 356 doen?
 357 C: Nee, hulle sal niks doen nie
 358 C: Hier by die huis kan hulle doen wat hulle wil. By die huis.
 359 P: Toemaar ons sal nie.
 360 I: Nee ek weet, dis daai fyn ding van persepsies van ander kinders; en jy ken die
 361 ouens saam met wie, wat in jou klas is en of hulle iets gaan sê of iets gaan dink en
 362 of agter jou rug gaan skinder? Maar dis ja
 363 C: Volgende jaar sien jy hulle in elkgeval nie weer nie
 364 I: Ja
 365 S: Dit gaan oor respek
 366 I: Imm
 367 I: Imm, As jy 'n meisie huis toe bring? Pelle net vir kom kuier?
 368 C: Nee, dan , meeste, nou nie meeste nie, maar al my vriende weet...my beste vriend,
 369 V het hier kom pool speel...
 370 I: En hoe't hy uitgevind?
 371 C: Estelle (draai na Jenny en Tina toe)
 372 Almal lag
 373 I: Laat ons hoor
 374 S: Vertel vir hulle, vir haar die storie
 375 C: Hulle sou weg gewees het, en ek was die naweek alleen. Hy het sy vermoedens
 376 gehad, maar hy het niks vir my gesê nie. Toe kom Estelle hier in en toe sê sy 'Hallo
 377 my naam is Estelle en ek is 'n lesbiën.'
 378 [lag]
 379 C: Hy't nie geworry nie en toe hulle weg is toe't ek het vir hom gesê vra nou jou vrae
 380 wat jy wil vra
 381 I: Okay, dis nice, en wat het hy gevra, mag ons weet, jy hoef nie te sê nie.
 382 C: Nee, dis fine, hy het net gesê hy het dit vermoed, maar hy was te bang om my te
 383 vra. En nou weet hy
 384 I: Ja, en was dit vir jou nicer gewees na die tyd, of bietjie weird, of dieselfde?
 385 C: Dieselfde, hy het sy vermoedens gehad en..
 386 S: Ek dink hulle het almal het maar hulle vermoedens gehad, maar
 387 P: En ek maak nou en dan 'n blaps en skree 'Engel'
 388 C: Ja hulle weet hier is een dubbelbed en
 389 S: Ja, hulle weet ons slaap in een kamer en ons deel 'n huis
 390 I: Is dit vir jou erg as hulle vir mekaar 'Engel' sê?
 391 C: Nie vir my nie..maar hulle
 392 I: Dit is nou maar deel van die grense. okay
 393 En as jy nou 'n meisiekind oorbring, want dit is nou mos baie spesiaal. Jy moet nou
 394 begin sê as ek moet begin wow, want dis nou...
 395 C: Dis hoekom ek haar hier insmokkel
 396 [lag]
 397 I: Asof sy jou gaan toelaat om 'n vrou hier deur te smokkel
 398 [lag]
 399 I: Sonder om haar eers uit te check
 400 C: Ge-test drive het
 401 I: Hey,
 402 Klomp gesels saam
 403 C: My, ja, my eks, sy het geweet daarvan.
 404 I: Het jy haar gesê?

- 405 C: Ja. Ons het so op die bed gelê en gesels toe sê ek ek wil haar my grootste secret
 406 vertel en toe vertel ek haar
- 407 I: Okay.
- 408 S: En wat was haar antwoord
- 409 C: Net o
- 410 S: En solank ons net nie inmeng nie, (C: o ja) dis wat jy vir my gesê het
 411 [onduidelik]
- 412 Nefie het haar afgevy – praat oor hoe upset 2 ma's was en namens hom
- 413 I: Jy laat my nou aan iets anders dink. Wat is great om twee ma's te hê? Wat maak dit
 414 beter?
- 415 C: Nie een van hulle twee kan hard slaan nie
 416 [Lag]
- 417 I: Okay
- 418 S: Jy lieg, jou ma het jou lekker pak gegee ...
- 419 C: Net toe ek kleiner was, maar toe't ek altyd vir Susan gekies. My ma slaan
 420 aanhoudend, en sy slaan oor my bene. Maar Susan, Susan slaan twee houes, dan
 421 praat sy, dan huil ek, dan loop sy.
- 422 Almal lag
- 423 I: Jy gee nou al jou secrets weg, jy is nog 'n jaar in hierdie huis.
- 424 P: Ek's nou te bang om hom te slaan, hy vat mens vas en dan hy's hy my op
- 425 Almal lag
- 426 I: En wat nog?
- 427 C: Hulle is.. hoe kan ek sê? Ons is close, daar is nie 'n pa wat, soos in, ons vang vis,
 428 sy is my male-figure, ons gaan vang saam vis. Ek moet self, nou nie self leer
 429 nie. Toe Penny se pa geleef het, my oupa... het hy my goeters gewys, nou nie karre
 430 nie
- 431 I: Sulke meganiese goed
- 432 C: Dan leer hy my
- 433 S: My pa was 'n gentleman, dan sê ek pa, ek wil net gou 'n gat in die muur boor wys
 434 my, dan sê hy my kind, jy hoef nie
- 435 I: Jy hoef dit nie te weet nie, jy brand meanwhile om te leer.
- 436 C: My oom leer my ook baie
- 437 I: Okay
- 438 S: Hy gaan werk vakansies daar, dan leer hy baie
- 439 I: Ummm
- 440 S: Ons is 'n baie gehegte familie, make-up. So ons is gereeld bymekaar.
- 441 C: Ek wil nou soos, nou nie uitstaan nie, maar ek wil wys ek kan enige iets doen. 'n
 442 Sukses van my lewe maak
 443 Praat iets van nefies...onduidelik
- 444 I: Wat doen die ander?
- 445 C: Hulle is almal jonger as ek, maar my ooms en so
- 446 I: So dit is nice, jy is amper 'n rolmodel vir die kleintjies ook.
- 447 C: My oupa het soos in 'n eie boot gehad, sy eie werkswinkel, maatskappy. En ek sou
 448 dit alles gekry het, omdat ek sy naamgenoot is en toe't my oom nou dit alles gaan
 449 uitdobbels en dit alles verloor.
- 450 I: Dis sad
- 451 C: En soos in, my ma, daai kant van die familie, dis nie om hulle af te maak nie, maar
 452 mens sal nou nie moeite maak met hulle nie
- 453 I: Jy mors nie energie op hulle nie
- 454 C: Mens sny hulle net uit
- 455 I: Maar dit kom nou baie maklik wat jy daar sê, maar dit is nie so maklik nie.

- 456 P: O nee, dis maklik
 457 I: Is daar nie ook 'n sadness en 'n seer nie?
 458 C: Nee
 459 I: Okay
 460 C: My nefies, sal my baie probleme gee, maar, dit pla my nie
 461 P: Ek het 'n baie funny familie, hulle bel met as dit is nodig is As daar moeilikheid is,
 462 dan kom die k*&!, dan is dit ek. Ek kan niks reg doen nie.
 463 I: Ag nee, [lag]. Jy is al gewoond daaraan.
 464 P: Ja, ek kom by niemand nie, ek bel niemand nie, ek is altyd die een wat in die
 465 moeilikheid is. Soos my ma.
 466 C: Sy ken nie my naam nie, dit is altyd Johan, Kerwin, ag Carl.
 467 I: Oo, okay, een van daai's.
 468 P: Sy noem eers al die ander se name voor syne.
 469 I: Ja, maar dit voel nie lekker as sy so
 470 P: As ons daar kom, sal sy nie brag oor hom nie, verstaan jy. Kyk ek brag oor my
 471 kind, hy is leerlingraad en hy het Noord Transvaal krieket gekry, dit is 'n groot eer.
 472 Sy sal eerder die ander kleinkinders goed maak hier voor ons. En dit het hom
 473 seergemaak in die begin.
 474 C: Maar nou weet ek dit is hoe ouma is
 475 P: Sy het al vir jou gesê. Ouma kom net hierna toe as sy 'n lift nodig het.
 476 I: O okay, as sy jou nodig het.
 477 P: Dan bly sy net drie dae, dan moet ons haar weg vat.
 478 I: Umm
 479 P: En hy tel dit op
 480 C: Sien dit was omdat ek my Oupa se blue eye boy was
 481 I: Okay, umm
 482 C: En sy het dit nou nie gelike nie
 483 I: Glad nie.
 484 C: En ek dink dis wat haar afgesit het
 485 P: Maar dit het hom in die begin baie gepla
 486 I: Pla dit jou nie nog soms nie?
 487 C: Nee wat, ek weet mos nou watse tipe mens is sy
 488
 489 I: Is daar kinders in die skool wat self begin agterkom het dat hulle gay is en dit, al
 490 geopper het? Want dis 'n ding wat mens al meer en meer sien. Dat die kinders self
 491 agterkom hulle is gay. Dat daar 'n meisie is wat click sy is verlief op 'n ander meisie,
 492 of 'n ou wat agterkom hy is verlief op 'n ou?
 493 C: Hulle kom praat nie soos in reguit met my nie. Ek weet van Michelle en ek weet van
 494 Ruan.
 495 I: En weet hulle van hulle self?
 496 C: Michelle weet ja maar Ruan weet nie. Maar ek dink hy weet, want hy praat met daai
 497 handjie (wys) – almal lag.
 498 Ek weet van matrieks wat nou uit die skool is. Daar was ook een keer in ons kerk
 499 wat in ons skool was, so rookop dogtertjie. Maar sy's nou weg.
 500 I: En hoe gaan dit met hulle op die skool? Is die kinders meer rustiger deesdae of is
 501 daar maar 'n geskindery en 'n gespottery?
 502 C: Nee, almal weet vanMichelle, maar met Ruan, want hy wil dit nie erken nie.
 503 I: Ummm, die oomblik wat hy die handjie en meer verfynd is..
 504 C: Ja, want op 'n stadium praat hy met iemand, en dan op die ou end sê hulle het jy
 505 gesien..
 506 P: Dis eintlik lelik, dit maak seer.

- 507 I: Nou sal jy iets sê of los jy dit maar of...
- 508 C: Ek ignoreer dit. Dis nie my saak nie. As hy is dan is hy, of nie. Maar ek dink hy is,
- 509 S: Ja dit kan wees ... baie mans is verfynd...
- 510 I: Umm
- 511 P: Daai meisie wat so is, spot hulle haar?
- 512 C: Almal weet sy is.
- 513 P: En hulle los haar uit?
- 514 C: Umm. Die meisies in ons skool het ook nie 'n probleem nie, hulle druk mekaar...
- 515 I: Dit is eintlik nogal nice.
- 516 P: Die kinders is meer oop, meer oop...
- 517 I: Absoluut. Vyf jaar, tien jaar terug sou dit nie gebeur het nie, nee.
- 518
- 519 I: Ummm. Okay, watsê advice het julle vir ander families? Vir kinders wat ook twee
- 520 ma's of twee pa's het?
- 521 P: Weet jy my ... my raad wat ek kan gee is, wees net oop.
- 522 S: Wees jousef.
- 523 P: Wees jousef. Wees lief vir jou kind. Moet dit nie eers vir hom probeer wegsteek nie.
- 524 Wees oop met hom en as daar probleme is sorteer dit uit op 'n mooi manier.
- 525 ...Partykeer weet ek fight ons ook
- 526 I: Hello, dis 'n given, alle gesinne fight.
- 527 P: Maar ek sou vir hulle sê, hulle moet dit face, en openlik met mekaar wees. Ons is
- 528 daar deur..So ek weet, en dit skeur nie die verhouding nie, dit skeur die kind, op die
- 529 ou end maak dit die kind seer, jy maak nie jousef seer nie, jy maak die kind seer
- 530 Mens moet mekaar vertrou en hy moet ons ook vertrou. En kan praat. Okay, hy
- 531 praat nie met my nie, hy praat met Susan
- 532 I: Ten miste met een
- 533 P: Ja, ek bly maar stil.
- 534
- 535 I: Carl, wat sal jy vir 'n seuntjie sê wat nou graad een toe gaan en hy het ook twee
- 536 mamma's of twee pappa's? En hy is verskriklik bang? Oor die maatjies wat dalk
- 537 gaan spot of die TV wat sê dis...
- 538 C: Op daai ouderdom... Hy gaan hulle in elk geval oor sewe jaar uit die skool, en hulle
- 539 nooit weer sien nie. Hy hoef niks te sê nie, dit net los, in elk geval, mense het niks te
- 540 sê nie. En op die ou end gaan dit so, hoe kan ek sê, afgesaag word hulle gaan dit
- 541 in elk geval los.
- 542 I: Dis dalk vir 'n dag of twee.
- 543 C: So 'n week
- 544 I: Dan is dit ook oor. Okay
- 545 S: Imm. Ek dink veral as jy dit ignoreer gaan hulle sien, ons kry nie konfrontasie uit
- 546 hierdie ou nie, kom ons los dit maar
- 547 C: Ek worry nie daaroor nie.
- 548 I: Umm
- 549 S: ...[- -]
- 550 I: Hy't net baie respek dink ek. Maak jou nie moeg met gemors nie.
- 551 P: Hy sal nie sy hande vir iemand lig nie
- 552 S: Hy sal sy man kan staan. Sy ma baklei vir sy part
- 553 I: Is hulle interfering (vra vir Carl?)
- 554 Almal lag
- 555 P: Ek dreig hulle sommer met prokureurstories (lag)
- 556 I: Moes jy al iemand so dreig?

- 557 P: Jaaa... vertel van motorfiets wat Carl reggemaak het en toe wil oorspronklike
 558 eienaar dit weer kamtig terughê; en gedeelte oor buurman/ man in dieselfde straat
 559 wat Carl geslaan het oor sy kop net na sy operasie, en hoe sy hom aangevat het,
 560 en hoe die man ook sy vrou slaan – en hy skel haar vir 'n "lesbiën" en sy wat sê "jy's
 561 'n vroueslaner, vir jou vat ek hof toe}
- 562 I: [lag] Okay ek dink dit is genoeg vir vannaand, ek weet nie of daar nog iets is
 563 waaraan julle kan dink nie?
- 564 S: Is dit al?
- 565 I: Julle het dit pretty much gecovert. Maar dit is so dit help nogal om bietjie te gaan
 566 dink, en deel te word. Dan sal ek weer terug kom
- 567 S: Net nie op 'n Woensdagaand nie.
- 568 I: Dit is 'n kerk aand.
- 569 [lag]
 570 *[Details uitgeruil, koffie gedrink]*
 571 *[Gedeelte oor skoolvakke en punte]*
- 572 S: Maar hy het goed gedoen.
- 573 Praat oor hoe hy swakker gedoen het aan einde van die jaar – by maats gehoor jy kan
 574 nie st. 9 druipe as jy prefek is nie, maar besef toe teen einde dat sy punte baie sleg
 575 is, en hy begin bekommer....
- 576 P: Hy't verlede jaar bietjie geskrik....
- 577 ...
- 578 P: Hy sal enige iets met haar oopmaak. Ek en hy kan nie, sy geheime, ek en hy kan dit
 579 nie doen nie. Hy deel glad nie sy goed met my nie. Alles met Susan. Maar ek
 580 waardeer dit, want hy...
- 581 I: Jy is te close
- 582 C: Sy's te
- 583 I: Objektief nie.
- 584 C: Hoe kan ek sê
- 585 I: Te emosioneel, te involved.
- 586 [lag]
- 587 S: Dit is asof sy dit anders opvat as wat dit is. Ek dink meer soos jy, en jy dink meer
 588 soos ek.
- 589 I: Wie sê julle twee is reg?
- 590 [almal lag]
- 591 P: Sê hulle
- 592 S: Ek dink oor ek meer rustig en kalm met hom praat. Sy raak nogal erg. Die
 593 stemmetjie raak hoër. Dan dink hy sy wil nie meer met hom praat nie. Ek is meer
 594 kalm en ...
- 595 I: Ummm
- 596 S: Dan begin hy, dan begin sy.
- 597 - - -
- 598 P: Ek los hom maar uit dat hy maar met Susan gaan praat.
- 599 Vertel van laasnag wat hy moeg en geïrriteerd was en skoor soek...
- 600 P: Mens kan hom nie meer slaan nie. Hy tel my somer op, dan dink hy dit is 'n grap,
 601 dan raak ek kwaad vir hom. Jy kan hom nie meer slaan nie.
- 602 S: Maar vir wat wil jy hom slaan.
- 603 [lag]
- 604 [kuier]
- 605 Praat oor ma wat aandag soek en hom drukkies wil gee...
- 606 C: Dan partymaal dan sit ek rustig hierso, en dan sê sy, Ag kom hou my net bietjie vas.
 607 Ek's haar seun, hier sit haar man. Hier lewensgroot op die bank.

- 608 S: Maar sy wil bietjie liefde van haar seun hê, wil bietjie hê haar seun moet haar
 609 vashou
- 610 P: Wat is fout daarmee? Om my bietjie vas te hou. Kyk daarso, sy hou jou vas. Dan sit
 611 hy daar en dan sê ek hou my bietjie vas, die mense kan dink wat hulle wil, dis ma
 612 en seun
- 613 C: Dis soos in die winkels, nou wil sy my hand vashou, netnou dink hulle dis my
 614 girlfriend, en dan, netnou loop daar 'n mooi meisie verby en dan
 615 Almal lag en praat gelyk
- 616 J: Ja dis waaroor dit gaan
- 617 I: Hulle interfeer né, jou liefdeslewe gaan nooit op dreef kom nie
- 618 P: Ek hou daarvan as hy langs my sit, maar hy't nie 'n saak nie...
- 619 Praat oor eerste liefdesteleurstelling
- 620 P: Jy kry seer saam met jou kind, jy weet nie wat om te verwag nie. Ek wil net met alle
 621 geweld haar storm, en haar aan haar keel ruk
- 622 C: Hulle het omtrent harder baklei as ek
- 623 P: Mens probeer nie inmeng nie, maar dis maar moeilik
- 624 Lisensie – Penny het nie, hy het learner's – Susan is nagblind...
 625 ...dagmoeder 17 kleuters...
- 626 P: In die begin was dit erg, ek het dit baie op hulle 2 uitgehaal, maar nou's dit beter"
 627 - - -
- 628 Bespreek rasse-indeling ; en haar sus in Kaap wat ook dagmoeder is, maar nie swart
 629 kinders soen nie...
- 630 S: Hy's mos deur dieselfde Here gemaak.
- 631 P: Jy kan mos nie 'n witkind soen en as hy nader kom, dan jou rug om hom draai nie.
 632 Dan't jy mos nie 'n hart nie. Ek flippen vry hulle almal voor die voet.
 633 Ek soen hulle net nie as hulle 'n snotneus het nie.
 634 - - -
- 635 P: As jy daai kind oopsny, dis dieselfde kleur bloed wat daar uitkom
 636 ... vertel hoe Carl ook help en met hulle speel....
- 637 Nog 'n stukkie van tug toe klein was – pakslae gee
- 638 Hoe Carl keer met Penny en dan slaan sy hande, boude, bene –
- 639 Maar Susan wat 2 houe gee, dan praat, dan huil hy – dan sê sy "jy moenie dit weer
 640 doen nie" – en dan loop die trane, sê Penny as sy uit die kamer kom...

- 1 **Carl Session 2**
- 2 I: Oraait, nou wat ek graag wil hê ons moet doen is, net so 'n lifeline, so 'n tydlyn
- 3 van jou lewe met die highest highs daarop, die hoogtepunte, imm, wat ja
- 4 C: Imm, ek glo nie ek gaan daar iets hê nie want (lag) ek het 'n geheue van so twee
- 5 weke
- 6 (lag saam)
- 7 I: Dis ook okay
- 8 So jy kan kies, ek het verskillende kleure papiere en die rooi is karton dis bietjie
- 9 harder, en ek het nou nie vir jou pienk gebring nie (dankie)want ek het nie gedink
- 10 jy sal daarvan hou nie
- 11 C: Lag, beslis nie van pienk nie
- 12 I: Oraait, of jy kan daardie groot wit papiere gebruik wat ons kan klein vou ook,
- 13 oraait, en dan moet jy besluit hoe wil jy dit voorstel, imm, party mense, kinders,
- 14 mense maak net so 'n reguit lyn so, ander maak sulke sirkels, anders kan jy 'n
- 15 paadjie teken, ek weet nie waarvan hou jy nie, sport, so jy kan dalk, dalk kan jy 'n
- 16 krieketbat teken, dalk 'n krieketbat, net om 'n outline te gee van hoe was dit
- 17 vandat jy gebore is tot waar dit nou is
- 18 Dan kan ons sommer net gesels en dan
- 19 C: Moet ek nou sê, ek's nie seker nie
- 20 Jy kan kies
- 21 Jou ouderdom en dit en dit
- 22 Yes, oraait, dit gaan oor hoofsaaklik jou highest highs, nê, soos dit nou, nou nie
- 23 soos as mens op " 'n high" is nie
- 24 C: Ihm
- 25 I: Ihm, ja, ag wat ek sommer baie keer doen as ek dit moet doen dan sal ek nou sê
- 26 hier's ek gebore, oe, ek wil dit nou nie skryf nie dan gee ek my ouderdom weg
- 27 (lag, skryf dit in elk geval), maar dan ja, dan kan jy besluit of jy dit volgens
- 28 laerskool of hoërskool of jy kan dit volgens sportprestasies doen, ihm, ja, enige
- 29 nice goed wat gebeur het
- 30 C: My oor?operasies en -
- 31 I: Ja, jy kan, even dit, want dit kan, wat ek baiekeer sê dis jou highest highs en jou
- 32 lowest lows, maar dis nou nie altyd lekker om daaroor te praat nie
- 33 C: Ek dink ek sal my highest highs bo sit en my lowest lows onder
- 34 I: Ja, so jy kan dit so doen, kan werk
- 35 Oraait, maar jy moet dit doen (gee papiere vir hom)
- 36 (praat oor kleur pen wat nie op blou gaan werk, hou van blou, kry boek wat hard
- 37 onder kan wees om op te skryf)
- 38 C: Hulle 2 doen Bybelstudie daar binne
- 39 I: Mmm, ernstig ernstig
- 40 C: ja
- 41 I: Dis nice
- 42 C: Jy moet net my handskrif verskoon, want ek skryf links
- 43 I: (ek het van 'n clue???????) – kan nie uitmaak, as ek reg onthou sê ek iets van
- 44 dat hy altyd van ander kant af moet skryf of oor sy hand moet skryf of iets oor die
- 45 manier van jou pengreep...
- 46 I: Oraait
- 47 C: - ?
- 48 I: ?
- 49 C: Jy het gesê kleuterskool ook? Ek was nie juis in 'n kleuterskool nie, ek was 6
- 50 maande daar gewees
- 51 I: Ag dis fine
- 52 C: Toe byt iemand my en toe haal my ma my uit
- 53 Lag
- 54 I: Ag nee, Toe's sy vies
- 55 C: Ja toe haal sy my uit die kleuterskool uit

- 56 I: Toe hou sy jou by die huis
 57 C: Ja, dit was 'n jaar en 'n half gewees
 58 I: Kan jy dit onthou, Dit was seker nogal seer
 59 C: Ek was in Kabouter, ag, imm, 'n Piekieland gewees
 60 I: Ag, oriaat, is dis hiernaby
 61 C: Imm, ja toe byt iemand my in my oor. Ek dink dit was nog G [REDACTED] gewees,
 62 ek was nogsteeds daar gewees
 63 I: O oraait, lag
 64 C: Toe haal my ma my uit
 65 I: lag, En wat het jy aan hom gedoen dat hy jou gebyt het?
 66 C: Ek was klein gewees, ek kan nie sover terug onthou nie, ek dink nie ek het hom
 67 teruggebyt nie (- - -)
 68 I: oraait, jy't baie interessante dinge wat met jou gebeur
 69 (stilte – teken tydlynne)
 70 C: ... meeste net die goeie goeters onthou ek, want die slegte goed skakel ek uit
 71 I: Mm, dink jy nie dis andersom nie dat mens die slegte goed eerder onthou nie,
 72 maar
 73 C: Die goeie goed hierdie. .. Ek onthou net, ek onthou die datum vandat ek eerste
 74 keer, vir die eerste span krieket gekies is. (I: okay) Al wat ek basies onthou is my
 75 mense wat ek verloor het, (I: oraait) C: wat nogal sleg is
 76 I: Dis sad, dis pertinente goed wat jy sal onthou; en die ander nitty gritty goed
 77 maak nie saak nie. Klink of jou sport nogal groot rol speel né
 78 C: Ja
 79 I: Obviously
 80 C: Ek het nie eintlik baie goeie goed wat al met my gebeur het nie
 81 I: Ag shame
 82 C: Die slegte goeters het ek vergeet. Het ek uit my brein gesluit het. Ek kan nie
 83 onthou dat ek al my ma se kar gestamp het nie want ek het nog nie, sekere dinge
 84 het nog nie met my gebeur nie
 85 I: Teen mense wat jy verloor in jou lewe is dit niks, wat is 'n kar nou
 86 C: Dis my ouma, en my oupa, my 2 beste oupas, my ouma wat ek verloor het, my
 87 oom wat ek verloor het, laasjaar se liefde wat ek verloor het, my ooroperasie.
 88 Verder kan ek onthou my laerskooldae toe ek leer motor bestuur het. Eerste
 89 span 2000.
 90 I: Okay, dis nice. Vertel my van jou oupas?
 91 C: Okay, my een oupa, dit isd nou my ma se pa, dit was my beste oupas gewees,
 92 hy's omtrent in 1996, lank terug... Dis basies, nou seker nie sy eie skuld nie maar
 93 hy het baie Grandpas gedrink
 94 I: O oraait
 95 C: En toe kry hy beroerte en so het hy aangegaan, maar hy het sonder, hy't nie
 96 geloop nie, en toe kry hy inwendige bloeding en toe's sy bloed te dun gewees en
 97 toe bloei hy homself dood. Maar ek het ek het baie dinge by hom geleer. Hy het
 98 altyd geld in my hand gesit, maar dis nie al rede nie
 99 I: Nee, maar dis lekker bederfies ne, (C:Ja) dis soos ouma se koekies en beskuit
 100 C: My oupa was, nou nie, baie lucky gewees basies, hy't gaan dobbel met R500
 101 basies en dan kom hy met 'n dertig duisend terug of iets
 102 I: Hoop jy't daai gene, lag,
 103 C: Ek hoop ook so
 104 I: Nou nie die dobbelgene maar die luck
 105 C: O
 106 C: In elk geval, hy't baie goed gehad, hy het 'n boot gehad wat ek moes geërf het,
 107 hy't 'n workshop wat ek sou geërf het
 108 I: Wat het hy gedoen, houtwerk? Metaal?
 109 C: Nee, hy't karre reggemaak
 110 I: O oraait

- 111 C: Hy't my altyd, elke liewe dag omtrent 'n bak 2l-bak rum en raisin roomys gebring
 112 om te eet, ek was sy blue eyed boy gewees. Ek, my oom en hy was die enigste
 113 wat Carl is, sy naamgenoot, en nou's ek die enigste een oor, ek was soos in sy
 114 alles gewees , dis hoekom my ouma kan my nie hanteer nie maar in elk geval
 115 I: O so sy het nie
 116 C: Ja sy's bietjie
 117 I: Ooghare, Sy leef nog
 118 C: Ja, sy lewe nog. Maar sy's soos agterbaks.. sy sal as sy met my praat sal sy nie
 119 my eers, naam eerste noem nie, sy sal altyd my nefies se name eers noem en
 120 dan myne. Sy's 'n twee gatjakkals maar ek is baie lief vir haar.
 121 My ander oupa het my nou weer nou hier gewys, dis Susan se pa, hy't my nou
 122 weer gehelp met alles, my geleer wat ek vandag weet basies.
 123 I: Oraait, gehelp met watse goed alles
 124 C: Soos in bv. ja, soos ek gedoen het, soos, wat ek moet doen, soos my fiets
 125 regmaak, en ek kry dit nie reg nie dan wys hy my, soos hy 't my al die basiese
 126 goeters gewys wat, maar, basies hoe goeters werk
 127 I: Imm
 128 C: My ander ouma het my weer baie gehelp as ek moes pakslae kry, dan kom haal
 129 sy my uit die kamer uit dan baklei sy met my ma
 130 I: (Lag) O ja, julle't laas gesê
 131 C: Sy was baie kwaai met my gewees ook ma', maar sy was die beste gewees, sy't
 132 my baie gehelp ook, geld gegee, ek's nou nie eintlik haar regte bloed kleinkind
 133 nie, maar ek het die meeste van die kleinkinders gekry
 134 I: Imm
 135 C: My oom is my beste oom basies gewees, hy was die ander naamgenoot gewees
 136 ,
 137 I: Oraait
 138 C: Hy't hier op Witbank gebly.
 139 I: Okay
 140 C: Hy't homself verbrand, nou nie self verbrand nie, hy't doodgebrand. Ah, hy werk
 141 by Highveld gewerk, het gewerk op Highveld daar by Witbank toe klim hy in die
 142 skagte af en toe laat ander mense al daai warm as daar afval en toe brand hy
 143 I: Aagh, nee, oe, dis sad
 144 C: Ja, hierdie, my 2de oupa , Susan se pa is dood is, ons dink, want hy't longkanker
 145 gehad en die aand toe begin hy net opgooi en hy kon nooit bloed vat nie,
 146 I: Agnee, En hy't seker bloed opgegooi
 147 C: Ja, hy't bloed opgegooi en ons dink dis wat hom swak gemaak het, daai bloed
 148 opgooi
 149 I: Het dit hier gebeur
 150 C: Ja, in die kamer waar my ma-hulle bly
 151 I: Dis sleg, wanneer was dit
 152 C: Dit was nou net die jaar daarna, 97
 153 I: Sjoe
 154 C: Was net 'n jaar
 155 I: waar was jy daai aand
 156 C: Ek was net in die kamer net hierlangsaan, maar hulle het my nie wakker gemaak
 157 nie, hulle wou my nie wakker maak nie, Susan sê sy't sulke goeters uit sy mond
 158 uitgehaal, so, hulle het my nie wakker gemaak nie seker eers so 3 ure daarna
 159 wakker gemaak toe was die meeste van die family al klaar hierso
 160 I: Toe was hy klaar oorlede
 161 C: Ja
 162 I: En toe jy wakker word, en hulle vir jou sê, kan jy nog onthou?
 163 C: Ek onthou ek het wakker geword toe skud sy my toe sê sy vir my oupa is
 164 oorlede, toe dog ek sy jok, toe ek uitkom toe sien ek net almal huil
 165 I: Dis bad stuff

- 166 C: Ja
 167 I: Imm, en vroeg in jou lewe né, as mens eers ja, iemand naby verloor het dan
 168 verander dit mens, dan kyk mens met ander oë
 169 C: My ouma het getreur, lank getreur, sy's nou verlede jaar die 18de Aug is sy ook
 170 oorlede
 171 Ook longkanker, sy't eintlik eers borskanker gehad maar toe versprei dit toe gaan sy
 172 in 'n semi-kom in, dit was baie erg
 173 I: Sy't ook hier gebly né
 174 C: Ja, seker tot so.. sy en my ma het 'n rusie gehad, en toe stop hulle nou en toe
 175 kalmeer hulle en toe besluit sy self sy moet trek; my ma wou eintlik gehad het sy
 176 moes bly, maar toe sê my ma dis seker maar vir die beste. Toe kry sy vir haar 'n
 177 plekkie in 'n woonstelletjie. Ons was elke aand daargeweës, sy was, die 18de
 178 Aug net voor die einde nog by hierdie huis geweës. Toe't ons geweet dis naby,
 179 toe was die hele family daar, en toe neem ons afskeid
 180 I: Dis bad, hoe gaan mens aan na so iets
 181 C: Ons het nogal gecope hoor, dis moeilik, maar, veral met Susan, want daai
 182 afgelope sê, 6 maande was sy soos in kort humeurig.
 183 I: En dis nie sy nie
 184 C: Nee, sy't nou onlangs eers, seker so 2 maande terug, eers begin kalmeer.
 185 I: Haai solank..shame
 186 C: Sjoe, baie kort humeurig
 187 I: Hoe's sy gewoonlik?
 188 C: Sy's baie kalm, as sy nou miskien sleg uit die bed opgestaan het, mar jy kan
 189 sien, ..
 190 I: Dan weet jy
 191 C: Dan bly jy maar uit die pad uit
 192 C: Maar anderster sal sy altyd met 'n smile sit, en as jy met haar gaan praat en sy
 193 praat terug dan weet jy soos in ...As ek en sy alleen is ook , ons kon hoe 'n fight
 194 gehad het, as ek en sy alleen is, dan praat ons lekker, maar ek en my ma, kan
 195 nie lekker praat nie
 196 I: Jy't gesê ja, sy raak te gou kwaad
 197 C: Ja
 198 I: En dit lyk asof jy en Susan 'n baie goeie verhouding het, jy't laas ook gesê julle
 199 kan oor enige iets praat. Dit is stunning, né.
 200 C: Ek kan haar alles vertel, ek vertel haar amper alles
 201 I: Het jy nie geheime nie?
 202 C: Nee, sy weet alles...
 203 I: of loop jy eers en bietjie broei en wonder wat jy vir haar sal sê.
 204 C: As ek en sy alleen is dan praat ons oor alles en goeters.
 205 I: O okay
 206 C: Soos hierdie jaar ook, nee, dit was verlede jaar, ek het bietjie opgeslip met die
 207 skoolwerk, en almal het gesê as jy op die prefekteraad is dan sal hulle jou oorsit.
 208 En toe begin slaplê en slaplê en toe begin my rapport my te vreet.
 209 I: O-ho, wat het jy gedoen.. vertel my eers dit
 210 C: Ek het net begin, imm, huiswerk het ek nog gedoen maar leerwerk. Dan skryf ons
 211 die volgende dag miskien 'n groot vak, dan leer ek daai aand miskien net so
 212 bietjie, die volgende oggend dan gaan skryf ek
 213 I: En watse punte begin jy kry
 214 C: Daai laaste, okay my punte het bietjie gedaal, maar daar's wat opgeklim het ook.
 215 Maar ek het begin worry. En toe begin ek met my ma te praat en toe begin sy my
 216 so, en toe sê ek vir haar okay los dit. En toe spat ek kamer toe en toe bel ek vir
 217 Susan. En sê vir haar ek moet haar sien, toe gaan ek na haar werk toe en toe
 218 gaan praat ek met haar, somer daar in haar kantoor, somer daar voor almal
 219 maar dis okay
 220 I: Shame, waar werk sy

- 221 C: Sy werk by die [REDACTED] gebou, [REDACTED] straat. Toe ry ek met die bus soontoe,
 222 toe vertel ek haar alles
- 223 I: Spill the guts; toe's sy okay?
- 224 C: Toe sê sy nee dis reg, jy weet, ons moet net vir God bid en goeters, en toe bid
 225 ons
- 226 I: Dis nice, en
- 227 C: en ek's deur, ...ek's deur, baie spanning, ja
- 228 I: Hoe voel die akademie vanjaar?
- 229 C: Ek dink dit gaan makliker wees, ek gaan nou nie daarop uit om prestasie te kry
 230 nie
- 231
- 232 (Liz transcription):
- 233 I: Hoe voel die akademie vanjaar, want matriek is nogal 'n ander...
- 234 C: Ek dink dit gaan makliker wees, ek weet ek moet nou werk.
- 235 I: Ek verstaan ja.
- 236 C: Ek gaan nou nie uit om prestasies te wen nie. Waar ek gaan werk waar ek wil
 237 werk is nie op prestasies ingestel nie. Ek gaan net deurkom en mooi deurkom,
 238 nie slap le nie.
- 239 I: Ag shame. Jy het laas gesê.
- 240 C:
- 241 I: Ja ek kan dit dink ne [lag]
- 242 C: Want die wat dit nie doen. Die gaan almal dit pluk... Die juffrouens vertel ons
 243 whoo... hier gaan nou groot dinge kom. As ons daai gaan haal ook gaan ek
 244 hardloop.
- 245 I: Nie weer nie. As jy hulle nou goeie raad van standerd nege kan gee.
- 246 C: Goeie raad van standerd nege... moenie dink dit is so maklik nie. [lag] Dit was
 247 eintlik maklik, dis net moet net nie lui raak nie, moet net nie agter raak nie.
- 248 I: Ja, moet net nie agter raak nie.
- 249 C: Moet net nie agter raak nie.
- 250 I: En julle het moeilike vakke, vet.
- 251 C: Ja, nogal, want laas jaar het ek nogal alles basies op hoërgraad gehad ook. Ja,
 252 toe het ek net gesê ek daal maar laat ek alles op standard graad vat.
- 253 I: En vertel my van die myn.
- 254 C: Die myn wil ek graag in kom, maar my nefie moet eers vir my vorms kry.
- 255 I: O, hy werk daar.
- 256 C: Ja, hy werk by Amplats. Ek gaan leer vir 'n skofbaas. So as ek daar instap, my
 257 eerste paycheck is daar.. Nou sê hulle vir my ek sien net geld, maar geld gaan
 258 oor alles hierdie leeftyd.
- 259 I: Ja, as jy dit nie het nie dan is dit ook nie so lekker nie.
- 260 C: Ja, maar ek dink weer soos in... my eerste tien jaar gaan hard wees, maar ek het
 261 vir my ma-hulle gesê binne tien jaar gaan ek wees waar ek wil wees. Ek gaan in
 262 Jo'burg se hoofkantore wees CEO of general manager. Ek dink ek kan dit binne
 263 vyf jaar maak as ek hard werk.
- 264 I: Mmm, alright.
- 265 C: Dan gaan ...Ek het vir my ma hulle gesê, binne vyftien jaar, voordat Susan aftree
 266 koop ek my wildsplaas... Dan gaan ons fifty-fifty in die besigheid. ...of iets
- 267 I: Wat sê hulle daarvan, is hulle lus vir 'n wildsplaas?
- 268 C: Ja, hulle is nogal lus vir 'n wildsplaas en ek ook, dis my droom daai. So ek
 269 gaan... ek gaan werk. Ek moet net die matriek jaar klaar kry dan gaan ek daar
 270 aankom. Ek gaan swot en swot en swot todat ek is waar ek wil wees.
- 271 I: Umm... En swot jy by die myn self?
- 272 C: Ja, ek swot vir 'n skofbaas. Ek gaan nie werk twee jaar basies nie, twee jaar dan
 273 is my salaris R12 000.
- 274 I: Alright, dit is baie nice.

- 275 C: Ek gaan net leer en as ek skofbaas kry gaan ek leer vir manager en dit en dit...
 276 So gaan ek op.
 277 I: Jou nefie, wat doen hy daar?
 278 C: Hy is 'n myner, hy het nie...
 279 I: En hou hy daarvan?
 280 C: Ja, hy hou daarvan, hy was standerd... hy en my ander nefie was standerd sewe
 281 uit die skool uit.
 282 I: Umm. Wou hulle of moes hulle?
 283 C: Nee, hulle wou. Skool is maar... Ek wil eintlik 'n prestasie haal, want as ek
 284 matriek behaal is ek die eerste een in die S familie wees wat dit behaal.
 285 I: O, dit is great.
 286 C: Ja.
 287 I: Ek kan hoor jy het baie ambisie. Baie dinge bereik, 'n go getter.
 288 I: Go-getter
 289 C: Ek het baie drome, sê eerder dit. Ek wil baie ryk word
 290 I: Ja, alright, dit is nice. En behalwe om CEO te wees, wat is ander drome? As ek
 291 mag hoor? Wat droom jy nog van die wildsplaas se droom...
 292 C: Ja, ek wil as ek die wildsplaas koop en ek het baie geld, dan wil ek eiendomme
 293 koop. ...rekord
 294 I: Wie het jou sulke slim planne geleer om te weet jy moet eiendomme koop en..
 295 C: Familie
 296 I: Jou oupa-hulle.
 297 C: Ja, my oom, my een oom ook né, Susan se oudste broer, ek sien hom ook as 'n
 298 oupa-figuur. Ja, Sy seun my ou... is eintlik my nefie, ek sien hom as my ouboet.
 299 I: Dit is nice, dit klink asof julle 'n close family is.
 300 C: Ja, hulle besit X so 'n konstruksie besigheid. L het nou vir hom 'n woonstel
 301 gekoop by die see en hy is by homself daar en hy kry nog geld in... Hy gaan nou
 302 goed aan met eiendomme
 303 I: As die wildsplaas te duur is begin jy eers met die eiendomme. Dan andersom,
 304 dan betaal die huur eintlik die wildsplaas.
 305 C: Susan het ook gesê as.. as die dag kom wat sy sê ek wil 'n wildsplaas hê, dan
 306 sal sy die huis verkoop.
 307 I: Alright, dis nice, dit klink goed, nice drome.
 308 C: Ek gaan dit kry.
 309 I: Jy gaan beslis ja. As jy dit noem op die naam sal jy dit kry.
 310 C: Die krieket ook ja, ek wil ver kom met die krieket. Laasjaar het ek nou Noord
 311 Transvaal gekry, maar ek wil verder gaan, ek wil SA kry. Ons gaan nou uit speel.
 312 Daai myn ook. Daai myn bied ook sport aan, Amplats krieket.
 313 I: O, ja.
 314 C: As hulle... as ek daar speel en ek speel goed dan kan Noord, Noord Wes krieket
 315 my sien. As ek vir hulle speel en as ek goed speel dan is daar ... Noorde speel
 316 teen Northern Titans, dan kan ek van daar af ... as hulle my opstoot kan hulle my
 317 opstoot SA krieket toe.
 318 I: Gaan jy vanjaar weer probeer, inkom?
 319 C: Ja, dit is mos nou voorseisoen.
 320 I: Haai, dit is nie nou krieket seisoen nie.
 321 C: Ons sou vandag speel, maar dit het uitgereën, ons sal nou more weer speel.
 322 I: Dan speel julle ook teen ander Provinsies?
 323 C: Ons het teen Vaal driehoek, Suider, suider, Noord Noord area gespeel, ons was
 324 die beste Noord Transvaal, verlede jaar die beste span in Suid Afrika gewees.
 325 Ons het teen al die spanne behalwe een gewen.
 326 I: O, okay
 327 C: Ons het twee games op een dag gespeel...
 328 I: Toe is julle moeg.
 329 C: Moeg, moeg.

- 330 I: En wat moet jy doen om SA's te kry?
- 331 C: Hard werk [lag]
- 332 I: Hoeveel kies hulle vir die span, vir SA?
- 333 C: Vyftien.
- 334 I: Dan is dit eintlik makliker om vir die onder 21's, onder 18's te speel, hoe werk dit?
- 335 C: Ek gaan eers vir onder 21's speel.
- 336 I: Daar is nie iets laers as dit nie?
- 337 C: Daar is onder 19's, onder 21's en dan is dit SA.
- 338 I: O, okay
- 339 C: Maar as ek onder 19's kan speel, onder 19 onder 21's dan is dit fyn.
- 340 I: Maar as jy daar in kom dan is jou kans goed. En as jy jou meet teen die ander.
- 341 Ek weet jy moet nou nie eintlik nie, maar 'n mens moet weet of jy 'n kans het. Of
- 342 jy 'n kans het om SA's te kry.
- 343 C: Ek het 'n goeie kans want laasjaar het ek... okay ek het die eerste driehoek vier
- 344 match het ek nie so goed perform nie, maar die laaste match, was ek op my
- 345 beste, maar toe het hulle het my nie gesien nie. Anders sou ek SA gekry het.
- 346 Want daar was 'n ander speler gewees, want hulle sou my in die span gesit het.
- 347 My naam was op die lys. Maar
- 348 I: O, senuwees
- 349 C: Maar daar was 'n ander speler wat voor my...
- 350 I: So jy is 'n bowler?
- 351 C: En 'n batsman, ek het vir Noord Transvaal geopen.
- 352 I: Okay, ek gaan dit bietjie dophou en kyk wanneer speel julle.
- 353 C: Ja, as ons nou weer begin. Dit is harde werk.
- 354 I: Ja, so saam met die swottings.
- 355 C: Al wat bad is, hierdie jaar is dit saam met die rekord.
- 356 I: Maar as jy dit maak is jy fine. Ag, maar jy sê jy is nou op standaard graad en jy is
- 357 gewoon aan die hoërgraad. Sal maar duimvas hou.
- 358 C: Ek sal dit maak hierdie jaar, definitief. Ek is nie eintlik bang nie, ons begin die
- 359 Maart, begin ons met die eerste eksamen. Wat badste van alles is daai elfde
- 360 Maart skryf ons Afrikaans, dan as ons klaar is met die Afrikaans, dan klim ons op
- 361 ons fietstoer
- 362 I: Hou boude. hou
- 363 C: En daai Dinsdag skryf ons nog Nat en skeikunde.
- 364 I: Jy sien kans vir baie. Je dis erg.
- 365 C: Dis darem, daai Maandag kan ons by die huis bly dan gaan ek swot.
- 366 I: Okay so dit is lekker, dis nice. So dit is net 'n naweek ding?
- 367 C: Ja, dit is van die Donderdag af tot die...Sondag. Sondag ry ons van daar af reg
- 368 deur. Hopelik het my ma hulle baie Red Bulls sodat ek kan krag het vir die
- 369 volgende dag kan leer.
- 370 I: As hulle jou kom oplaai. Energade dink ek sal beter werk as al daardie kaffiene.
- 371 C: Ek moet swot vir Nat Skei. Gelukkig was Nat Skei was nog nooit vir my 'n
- 372 probleem gewees nie.
- 373 I: Ag, as jy nou bybly sal dit seker nie so erg wees nie?
- 374 C: My lekkerste vak was geskiedenis maar my hardste vak om te leer. Ek probeer
- 375 geskiedenis geleer en dan raak ek aan die slaap. Die volgende dag gaan ek
- 376 skool toe en skryf ek dit op my gemak, toe kry ek 93% op my rapport, ek weet nie
- 377 hoe het ek dit reggekry nie.
- 378 I: Oor jy daarvan gehou het.
- 379 C: Maar dit was so baie gewees. Toe stop ek dit in standerd sewe.
- 380 I: Dit is nou vir bevooregste by die tegniese skole nie, wiskunde, Skei Nat en TT,
- 381 dis die basics, né?
- 382 C: Daai drie moet jy hê Afrikaans en Engels moet jy hê. En meganiese vakkies. Ek
- 383 het tegnika siviel gehad, siviele ingenieurswese, maar ek het dit ook geskuif na
- 384 boukonstruksie toe.

- 385 I: Toe het jy nou?
- 386 C: Ja, ek het dit geskuif. Dit maak dit ligte...
- 387 I: As jy 'n plan in jou kop het druk jy deur daarmee, ne?
- 388 C: Ja, maar ek het dit by my ma geleer.
- 389 I: Nice, beginsel vas.
- 390 C: ... Hulle is baie bang vir my...
- 391 I: ,...vet, wat moet hulle doen.
- 392 C: As hulle stout is.
- 393 I: Sies, dis seker al wat werk. Haat hulle jou?
- 394 C: Maar hulle kom almal na my toe, as ek eet kom almal na my toe, kom hou hulle
- 395 my vas. Al die kinders. Jy kan my ma vra al my niggies se kinders, niggies en
- 396 goeters. Die enetjie wil sommer met my trou sy is nou 12 jaar oud. Sy sê vir my
- 397 ek is haar seksieste nefie en sy wil nog steed met my trou, sy moet my ma hulle
- 398 maar vra.
- 399 I: - - -
- 400 C: Ek het haar net van klein tyd af, haar daipers gechange. My ander niggies se
- 401 kinders ook daipers gechange en goeters.
- 402 I: Jinne, maar jy is hulpvaardig né.
- 403 C: Ja, kan kosmaak alles. Ek het juis vannaand kos gemaak.
- 404 I: Lekker. Wat het julle geeet?
- 405 C: Rys, vleis en aartappels. Dis al wat ek kan maak.
- 406 I: En waar is die groente?
- 407 C: Moet ek groente maak. Ek het nie groentes gemaak nie. Ek eet net twee
- 408 groentes maak, maar dit is as ek dit meng met rys. Pampoen, dan moet daar ook
- 409 sous by wees, baie sous, die sous moet so loop [fluit].
- 410 I: Lekker, o, vet ja. Alright. 'n Kern deel van my studie gaan oor kinders wie se
- 411 ouers gay is né, en wat ek nou gewonder het, soos ek jou nou laas gevra het, as
- 412 kinders self gay is soos daai meisie se naam genoem het.
- 413 C: S - -
- 414 I: Weird naam. En baie keer sal mense sê hulle moet soos uitkom, coming out.
- 415 Dink jy dit is vir jou ook nodig om uit te kom en
- 416 C: Op 'n ouer stadium ja.
- 417 I: Umm
- 418 C: Op 'n jonger stadium dan as kinders jou spot dan kraak dit jou baie vinniger af.
- 419 I: Okay.
- 420 C: Maar nou soos in nou, maar hulle noem my in elk geval nie name nie. Ek dink dit
- 421 is nou die beste tyd om uit te kom.
- 422 I: Umm, okay. En as jy praat van jonger, hoeveel jonger? Laerskool, of voorskool
- 423 of?
- 424 C: Om uit te kom?
- 425 I: Ja.
- 426 C: Ek sal sê so teen standerd sewe. Nie standerd ses nie, mens is nog jonk en
- 427 onervare. So standerd sewe of agt. Ek het nou eers laas jaar, nee ja, laas jaar,
- 428 laas jaar uitgekom, nou nie vir die hele skool nie, net vir my vriende. Maar
- 429 I: Okay, en het jy nou voor die tyd besluit jy gaan nou maar iets sê of?
- 430 C: Nee, dit het net uitgekom.
- 431 I: So daar toe die prefekte saam was. Dit was 'n ander outjie... Vertel my weer die
- 432 storie.
- 433 C: Ons het daar gestaan, ons het daar gestaan by die deur. Toe... eers toe ek uit
- 434 gaan toe gaan my ma en Susan uit. My ma is uitgeroep, maar Susan wou nie,
- 435 toe sê ek Susan kom, toe... en hulle het fotos geneem.
- 436 I: O dit is nice, is dit toe julle aangekondig is.
- 437 C: Ja, nie toe ons aangewys is nie, toe ons ingehuldig is. Toe gaan ons toe ons
- 438 klaar is en ons staan ons daar en my vriende roep my. En hulle vra vir my ... nie
- 439 vrees nie, maar daai verwagting... het jy twee ma's of is dit jy en jou ma en jou

- 440 stief ma of so iets, ek kan nou nie meer onthou nie en... ek sê ek vir hom nee,
 441 een is my ma en een is my pa. Toe sê hy dit is 'n vrou. Toe sê ek so.
- 442 I: Ek dink jy het dit great hanteer.
- 443 C: Hulle het my nie eers verder vra gevra daarvoor nie. En nou hulle worry nie
 444 daarvoor nie, hulle kom slaap by my nog steeds. Ek dink my ma hulle sal hulle
 445 self gedra.
- 446 I: Okay, en voorheen het pelle hier kom slaap.
- 447 C: Ja, hulle het vrae gehad, maar hulle het nooit gevra nie. Soos my een vriend, ek
 448 het gesê. Hy het my na die tyd 'n paar vra gevra. Maar ek dink hulle almal weet
 449 al, maar hulle wil my nie vra nie, hulle is te bang. Maar dit is so obvious, want my
 450 ma-hulle slaap bymekaar, so... Hulle moet vir my vra vrae sal ek hulle antwoord.
 451 Hoekom moet ek dan vir hulle lieg?
- 452 I: Nee.
- 453 C: As hulle my nie aanvaar oor my ma-hulle gay is nie, is dit okay, ek het hulle nie
 454 nodig nie. Ek het baie vriende, so
- 455 I: Ja, dit gaan tog oor jou, en dit is eintlik ietsie kleins op die ou einde, maybe of is
 456 dit nogal 'n ding?
- 457 C: In watter opsig tannie? 'n Slegte of 'n goeie ding?
- 458 I: Wel ek dink dit is 'n goeie ding. Maar ek dink...
- 459 C: Dit is mos nie hulle ma nie, dis myne. En ek is tog meer volwasse as 'n paar van
 460 hulle.
- 461 I: Verseker.
- 462 C: Die een ou is in 'n maand seker 12 dae uit die skool uit. Hy het nou gepluk laas
 463 jaar, hy gee die verskoning, nee sy ma en pa is geskei.
- 464 I: Dit gaan oor daai verhoudings binne die huis.
- 465 C: Maar ek is pligsgetrou, ek is partykeer lui om in die huis joppies te doen
- 466 I: Maar jy weet dit ook
- 467 C: Maar skool toe gaan ek, tensy ek rêrig siek is, dan sal my ma my by die huis laat
 468 bly. En hulle is streng op my skool.
- 469 I: Daar is 'n paar dae wat nie lekker is nie.
- 470 C: Ja, gaan maar skool toe, maak maar klaar. Dis amper amper dan is jy klaar. Baie
 471 mense se geniet jou skool, want as jy uit is mis jy dit.
- 472 I: Dit is so.
- 473 C: Ek
- 474 I: Dit is anders. Daar is goed wat jy mis, maar ek dink nie ek wil nou weer van agt
 475 tot een...
- 476 C: Dis die vakansies.
- 477 I: Ja, daar slaan jy die spyker op die kop.
- 478 C: Almal mis net vakansies. Maar hulle dink ... hulle dink... om daai vakansies te hê
 479 moet jy deur daardie skool loopbaan gaan. Dis wat nie so lekker is nie. Jis want
 480 daai ...hy het seker ses moods op 'n dag verskillende mense, in 'n periode.
- 481 I: O, vet.
- 482 C: Hulle is net mislik partykeer, dan is hulle weer vriendelik. Maar met my is nou
 483 weer 'n ander saak, as ek by hulle kom en hulle groet met sulke smiles. Hulle kan
 484 nie vir my kwaad bly nie, bitter min mense kan vir my kwaad bly.
- 485 I: 'n Smile maak alles reg. Jy het netnou gesê in die laerskool kan kinders miskien
 486 die name noem of... Het dit gebeur of ...of het jy gehoor.
- 487 C: Toe ek jonger was, ja. Soos my ma hulle vir my sê gesê het ek het ek baie huis
 488 toe gekom en gehuil en goed. Soos ek ouer geword ... ek dink hulle is bang...
 489 nie eintlik bang nie... oor ek basies eintlik die grootste in die laerskool was, ek is
 490 nou amper die grootste in die hoërskool ook.
- 491 I: O, okay.
- 492 C: Ek dink in daai opsigte... ja ek dink hulle is bang, bang ek reageer erg en ek
 493 slaan hulle miskien of iets. Maar, in die laerskool, toe ek jonger was ...dit was rof

- 494 I: Jy kan nie onthou nie. Ja, dit was rof In die begin dalk maybe. Wat dink die
 495 kinders daaroor. Wat is die kinders se persepsie? Dink hulle dit is 'n goeie of 'n
 496 slegte ding?
- 497 C: Ek weet nie, ek dink vir hulle is dit seker maar inbetween. Ek het voordele wat
 498 hulle nie het nie.
- 499 I: Soos wat? Daarin is ek nou baie geïnterreseerd.
- 500 C: Ek kry nie pak soos hulle nie. Hulle pa's slaan hulle nou nog met rottange en met
 501 die vuis en sulke goeters. Hulle pa-hulle suip baie... die kinders by die skool. My
 502 ma-hulle doen dit nie. In opsigte is dit nou weer anderse van, hulle pa doen dit vir
 503 hulle, maar doen dit ook vir my.
- 504 I: Soos wat?
- 505 C: Soos met die karre ding, soos as jy een ma het dan sal sy nie vir jou 'n kar leen
 506 nie. Sy sal te ...
- 507 I: Eh-he.
- 508 C: Maar Susan trust my en goeters. Ek vat haar kar dan gaan ek skool toe, funksies
 509 en goed. Hulle pa... party van hulle pa's doen dit nie eers nie. Ek het 'n vriend...
 510 maar hy is 'n kennis. Sy pa het die ander dag staan hy so, toe het hy per
 511 ongeluk iets laatval op die kar of iets, toe slaan sy pa hom met die vuis. Laat hom
 512 niks toe. Sy pa is baie baie streng.
- 513 I: Umm
- 514 C: Bad goed. So ma is darem baie rustiger met my.
- 515 I: Al die benifits om twee ma's te hê
- 516 C: En eintlik... hoe kan ek sê, ek dink dis hoekom my ooms ook lief is vir my. Ek is
 517 meer volwasse partykeer as my nefies en... ek is altyd vriendelik, ek is
 518 gemanierd...
- 519 I: Ummm
- 520 C: Baie mense laaik my, baie mense wil met my trou by die kerk. As ek net 'n paar
 521 jaar ouer was, as hulle net 'n paar jaar jonger was.
- 522 I: [lag] As hulle ook maar net meer geld gehad het, dan het jy dit oorweeg.
- 523 C: Sugermammas
- 524 I: Why not? Dan kry jy jou wildsplaas baie gou. [lag]
- 525 C: Dit is only jokes. Ek maak baie jokes, ek is 'n baie vriendelike persoon.
- 526 I: Ja, jy is, ja, baie nice kwaliteite.
- 527 C: Ek het my af dae. Dan is ek baie geïrriteerd is
- 528 I: Ja, natuurlik.
- 529 C: Dan sê my ma net iets verkeerd...
- 530 I: Dan voel jy jy kan ontplof?
- 531 C: Dan is ek weer reg deur die dak, dan gaan ek na my kamer toe.
- 532 I: O
- 533 C: Maar almal kry hulle af dae.
- 534 I: Is so, verseker. Ja.
- 535 C: Eintlik is ek baie vriendelik. Ek kan my ma hulle eintlik... nou nie irriteer nie, maar
 536 hulle wil partykeer gaan slaap, dan laat die aand, is ek op en af tot so twaalf uur
 537 se kant dan sê ek hulle. Dan bly in die kamer, dan hou ek hulle wakker. Veral my
 538 ma sy is baie lief vir slaap. Dan hang die ogies al hierso. Dan praat ek en praat
 539 ek en praat ek
- 540 I: [lag] Tot daai ogies toeval?
- 541 C: Daai ogies... Dan maak ek haar wakker, dan sê ek hey ek praat nog.
- 542 I: Uhhh
- 543 C: Dan loop ek
- 544 I: En toe jy jou meisie gehad het, was dit 'n, special event wat jy vir haar moes sê,
 545 luister die set-up by my huis is anders, of
- 546 C: Ons was by my een vriendin gewees en toe gaan haal ek haar en toe lê ons net
 547 daar en chat en, ons sou 'n movie gekyk het. En toe gaan my vriendin en haar
 548 boyfiend uit, na 'n ander kamer toe of iewers. Toe vra ek net vir haar wat is jou

- 549 grootste geheim, toe sê ek net vir haar, wag ek sal jou my grootste geheim
 550 eerste vertel, my ma-hulle is so en sy't nie 'n probleem daarmee nie
- 551 I: Okay, en haar ma-hulle, en ander, jou pelle se ouers
- 552 C: Hulle het miskien vir hulle ouers vertel
- 553 I: Maar niemand het nog gesê hulle mag nie hier kom kuier nie
- 554 C: Uh-uh/ eh -he, 2 van my vriende se ma-hulle het hulle al uitgegooi...maar hulle
 555 gaan nie... hulle is nie lief vir... hulle gaan na vriende wat hulle ken, hulle sal nie
 556 sommer na wildvreemde mense toe gaan nie.
- 557 I: O, okay. Maar dis nice
- 558 C: Soos my een vriendin ook hier onder, my eks vriendin. Haar boyfriend het
 559 ons..like nie as ek by haar gekuier het nie.
- 560 I: Okay, umm.
- 561 C: Ja, haar ma-hulle was ook gay gewees, okay. Ons het altyd, dan kom kuier sy
 562 by my en die dag toe vra ek... toe vra ek haar ma, toe vra ek is jou ma-hulle gay
 563 toe sê sy ja te sê sy jou ma-hulle ook, toe sê ek ja. Toe het ons eers gejel, toe
 564 gaan sy saam met my kerk toe, haar ma-hulle het saam gegaan. Nou onlangs
 565 toe breek hulle dan breek haar ma-hulle op..
- 566 I: Dis sad...
- 567 C: Ja, haar ma en ...
- 568 I: Die ander ma...
- 569 C: Maar blykbaar gaan hulle weer saam, gaan goed aan. Daai is ook net 'n lang
 570 verhouding, hulle het haar ook groot gemaak soos ek groot gemaak is. Verjaar
 571 presies 'n week na my. Selfde interests gehad. Toe kom haar boyfriend daar
 572 aan. Ek en hy het nooit ooghare gehad vir mekaar nie.
- 573 I: O, jy moet jy nou bietjie jou afstand handhaaf.
- 574 C: Ja, ek het haar nou basies afgeskryf.
- 575 I: Het jy en sy ooit bietjie gechat oor hoe is dit met haar en met haar pelle en so...
- 576 C: Ons het nogal. Haar vriendinne aanvaar dit ook.
- 577 I: Ja..
- 578 C: - - -
- 579 I: Dit klink anderse
- 580 C: Ek dink daar is 'n paar wat sit en geluide gemaak het. Ek het nie al haar
 581 vriendinne geken nie.
- 582 I: Ek dink almal aanvaar dit aan die einde. Ek dink dit is net daai begin dink... o,
 583 jinne, ek weet nie wat gaan.. jy weet nie wat die ander ou se antwoord wees nie,
 584 weet nie hoe die ander ou gaan reageer nie. En ek dink partymaal bly 'n mens
 585 dan eerder stil en los dit amper.
- 586 C: Meeste van my vriende ook, hulle gaan nie op die subject in nie.
- 587 I: Umm
- 588 C: Maar ek ..vir my ma gevra.
- 589 I: Maar ek dink dit is oor jy so rustig is daaroor. Dit nie 'n issue maak nie.
- 590 C: Ek dink dit is oor dit vir hulle 'n issue is. As dit vir hulle 'n issue was, dan is dit
 591 hulle probleem.
- 592 I: Ja, verseker. Alright. [lag] So jy sê jy het op die ou einde baie benifits.
- 593 C: Baie benifits.
- 594 I: En ek dink op die ou uiteinde is hulle twee nice mense en dit is vir my nice om te
 595 sien hoe close is jy en Susan.
- 596 C: Ja ons is close.
- 597 I: Ek dink dis min tieners, veral seuns, wat iemand het in hulle lewens met wie hulle
 598 alles kan share. Jy sê jy share alles. I mean hallo!
- 599 C: Ja, ek het, sy het nou eintlik... basies vir my 'n sonde gedoen. Sy het vir my borg
 600 geteken, op my foon. Ek soek die foon, toe vra ek my nefie, my nefie moet vir my
 601 teken, want jy moet oor 21 wees en 'n paycheck en dit kry. Toe sê hy nee, hy
 602 kan nie, hy het klaar drie kontrakte op sy naam.
- 603 I: O, okay

- 604 C: En op haar verjaarsdag, Maandag, sê ek vir haar Susan asseblief. Ek het haar
605 gesmeek en gesmeek en.
- 606 I: Shame.
- 607 C: Maar sy was vriendelik gewees.
- 608 I: [lag]
- 609 C: Toe draai ek haar om my pinkie, toe gaan sy en koop vir my 'n foon.
- 610 I: Pleks dat jy vir haar 'n birthday persent kry.
- 611 C: Ek het, ek het vir haar kar nuwe wieloppe opgesit en nuwe brake pads.
- 612 I: O, cool.
- 613 C: Hierdie jaar besluit ek gaan ek vir my ma en vir Susan groot persente koop. Die
614 afgelope paar jaar, twee jaar skeep ek my ma heavy af. Die afgelope twee keer
615 was ek nie by my ma se verjaarsdag gewees nie. Want verlede jaar, of die jaar
616 voor dit het ek by my nefie gewerk
- 617 I: Alright, so dis in die vakansie
- 618 C: En... verlede jaar was ek ook by my nefie se huis om dit op te pas. Sy verjaar die
619 5de Desember so dit is in die vakansie tyd.
- 620 I: Ja, dit is 'n moeilike tyd, my pa verjaar die 17de
- 621 C: - - -
- 622 I: En waar kry jy die geld? Spaar jy hard?
- 623 C: Ja, spaar en kry en sakgeld.
- 624 I: Werk goed
- 625 C: Ja, ek werk ook partykeer vir my geld, ek werk vakansies, pas my nefie se huis
626 op
- 627 I: Dit is goed. Jy doen jou eie dinge.
- 628 C: Ons maak die 23 ste Oktober klaar.
- 629 I: Dit is vroeg né. Amazing. Hoe dink jy gaan dit daai dag voel as jy jou pen neersit
630 en daai punt?
- 631 C: Ek gaan skree... Ek gaan skree. Ek gaan uithardloop en skree.
- 632 I: Ja.
- 633 C: Klaar. Twaalf jaar se gesuffer.
- 634 I: Ag, dit was nie so erg nie.
- 635 C: Dit was erg. Al daai... nie baie stres nie, ek stres nie baie nie, want ek stres nie
636 maklik nie, maar ons hande begin afdop as ons stres.
- 637 I: O, ek het al gehoor van mense met wie dit gebeur, ander mense se hande sweet
638 so.
- 639 C: Ja myne sweet ook. My hele lyf sweet basies dan.
- 640 I: Ag, shame. Dit is eintlik 'n dead give away, he, jy is besig om te stres.
- 641 C: Ja, ja met die hande my familie
- 642 I: [lag] Gee my jou hand sodat ek sien of voel of iets.
- 643 C: Sy sien dit in my oe, my oe begin glinster of iets maar...Dis stupid
- 644 I: Dit is omdat jy nie 'n evil-spirited mens is nie. Dat jy jou soul wys.
- 645 C: Ek het een keer geld gevat in my lewe, toe ek nog klein was. Ek kan nog onthou
646 ons was by oom S gewees. My ma hulle was buite gewees, en die handsak was
647 binne gewees ek het net R5 gevat.
- 648 I: Ag, shame, maar dit was seker baie gewees vir jou.
- 649 C: Ja, maar toe sit ek alles terug, maar nie soos dit was nie. Haar beursie oopgelos
650 en...
- 651 I: O, okay. Jy was ook nie slim nie, amateur.
- 652 C: Ja, toe kom sy in, toe staan ek by haar handsak. Toe maak sy oop, toe sien sy
653 haar beursie is oop, toe sien sy daar is geld weg.
- 654 I: En toe?
- 655 C: Toe slaan sy my.
- 656 I: Dis reg.
- 657 C: Nie weer nie. Hoekom moet mens jok. Dis nie so erg nie.
- 658 I: Verkieslik nie, maar dit is nie so erg nie.

- 659 C: Hoekom moet jy vir hulle lieg, jy moet vir hulle die waarheid vertel? In hierdie
660 huis kom alles altyd in elk geval uit.
- 661 I: Ja, dit kom in elk geval altyd uit.
- 662 C: Vertel liewers die waarheid. Al hierdie waardes waar hulle sê, nee vat die punch.
- 663 I: Klink asof julle dinge nice uitpraat.
- 664
- 665 Slaagsyfer in skool
- 666 Aantal meisies – net 35...
- 667 Prefek-skedule
- 668 Valentynsbal
- 669 Groentjekonsert
- 670 Huiswerk
- 671 Tydsbestuur, beplanning
- 672 "ek manage"...
- 673 handskrif
- 674 foon – musiek (Susan het vir my sonde gedoen, sy het vir my borg geteken)
- 675 Susan se karretjies – broer kanker oorlede is
- 676 Sien onregverdigheid raak van hoe mense in straat hulle pa onregverdig behandel
- 677 Platinummyne
- 678 Praat oor hoe hy ma-hulle terg:
- 679 C: Partymaal sê ek iets net om Susan kwaad te maak
- 680 I: Jy sê dan sy word nie kwaad nie
- 681 C: Sy word partykeer, maar dan word my ma vir ons kwaad, en dan's ons lankal
- 682 weer pelle
- 683 "My ma raak nou deesdae doof, dan moet ek alles skree"
- 684 O, dis van al daai kleintjies
- 685 Vertel van hoe is om huis te deel met kleintjies
- 686 Vertel van begin hoe groot aanpassing was, mag nie lawaai
- 687 Susan se niggie ook werkloos en ingeneem, bly in sy kamer
- 688 (Vertel hoe Susan enige iemand sal inneem en vir hulle sal sorg, al moet hulle in
- 689 gang slaap)
- 690 Eers nefie se huis opgepas, en toe terugkom, trek buitekamer toe
- 691
- 692 Gaan roep ma-hulle:
- 693 Vertel van toe hulle amper uit was, amper om en by 7 jaar terug. Ek lei af Penny
- 694 wou uit, dalk iemand anders gewees....
- 695 Noem eers en toe praat hulle eers later verder
- 696 Kwessie van vertrouwe – as sy net 5 min laat is
- 697 Praat oor of ek besig is, hoe studie werk – bv. transkripsies, memory, temas
- 698 uithaal...
- 699 Susan: Straights kan weet dis soos enige ander verhouding – net soos hulle,
- 700 moeilike tye - ons nader aanmekaar gebring. God was heelyd daar...
- 701 Susan wat nie man wou gehad het nie, maar wel kinders, maar wil hulle nie self hê
- 702 nie (ons spot almal lekker oor die kraamscene – sy't te veel TV gekyk sê ek,
- 703 Penny maak sulke "push-push" geluide; in bad gesit en vir God gevra, vir haar
- 704 man stuur of vrou met kind
- 705 Ek het 15 jaar terug gebid daarvoor en ek het dit gekry
- 706 Was 6 jaar alleen voor hulle; lief vir kinders...
- 707 ("Stuur dan nou vir my 'n man, of 'n vrou met 'n kind")
- 708 En volgende dag of week later - stap Penny in
- 709 Klink of vir Penny vreemd was, uit moeilike abusive verhouding, met kind...gebroke,
- 710 seer, deurmekaar
- 711 Sy't my mooi laat verstaan dis haar kind (Susan se woorde van Penny)
- 712 Ek wil hom nie vat nie ek wil hom net graag saam met haar grootmaak. (S)
- 713 En ek wil haar iets aandoen, los die kind, dis my kind....(Penny)

- 714 Penny: kan oor enigiets met hom praat, oop verhoudiing, vir hulle so nice...
 715 Ek vra – so besluit of spontaan gebeur
 716 Gebeur maar
 717 Penny:vra oor kondoom en waarvoor gebruik mens dit
 718 P: Gaan vra vir Susan
 719 S: sy't hom als mooi vertel, van bye en blomme
 720 Vertel weer van punte-insident; ma wat gou kwaad raak en baklei, Susan wat
 721 rustiger luister
 722 (herhaal – dus NB – waarom so NB?)
 723 "sy wil op daai oomblik die probleem oplos, ek wil net hê iemand moet luister"
 724 **Kant 2**
 725 I: Is dit nogal 'n konserwatiewe gemeenskap of nie, wat hier bly? Wat nogal ...
 726 C: Ons het baie minder kleurlinge en swartes as wittes. Hierdie deel is nog rustig.
 727 I: Verder op
 728 S: As jy hoe kan ek sê hulle is baie
 729 P: Wit mense. Is dit nie die hoër klas swart mense wat hier bly nie. Die laer klasse
 730 bly in die plakkers huise.
 731 C: Ja, maar hulle hou hulle parties.
 732 I: O, ja ek kan dink.
 733 S: Maar veral die mense hier agter. Hulle gaan aan tot so een uur, dan stop hulle.
 734 I: O, okay, nie te bad nie. Nou waar is jou blyplek?
 735 C: Basies hier in die agterkamer. Ja, ek slaap in die agter kant. Daar was een
 736 keer... Elke oggend dan ry hy, dan kom hy terug dan was hy sy kar. Soos sy
 737 boot maak hy silwer skoon.
 738 I: Vet.
 739 P: Maar hy het getrek. Die mense hier oorkant. Hier het ook skurwe mense hier
 740 oorkant gebly, maar hulle het verniet gebly.
 741 I: Nou wat is skurwe mense?
 742 C: Eish, low class mense, soos in drink... rook dagga, sulke mense.
 743 I: Okay
 744 C: Maar hulle het verniet gebly, hulle het hier ingetrek. Nie huur betaal nie, toe trek
 745 hulle weer uit. Maar hulle het soos in, voor dit het die kinders hulle is nie stout
 746 nie, maar lelik stout, hulle het al hulle vensters gebreek, ligte uitgesteel, hulle het
 747 tot die plafonds uitgesteel.
 748 I: Joh
 749 C: Geysers gesteel.
 750 I: Dit is bad. Hoeveel kinders... Hoe ver is die skool van hier af?
 751 C: So binne vyf tot tien kilos
 752 Praat oor aanwysings
 753 I: So daar is baie mense wat na die skool toe gaan.
 754 C: Nie eintlik nie, dit is min.
 755 Praat oor skole
 756 I: Ja en ek dag dit is meer seuns wat sal gaan en dan moet jy nogal slim wees om
 757 daai vakke te kan maak.
 758 C: Ja, ons standarde is die hoogste in Pretoria, Pretoria Wes.
 759 P: Ek wil nie in 'n tegniiese skool wees nie. Skei Nat was nou nie my beste vak
 760 gewees nie.
 761 C: Die hoogste nou is John Voster, maar hulle is basies dieselfde as ons.
 762 I: Want dit is gewoonlik net julle twee.
 763 C: Ons is die tegniiese skole wat die hoogste standarde het. Ons slaag ...druip
 764 syfer is 80%. Hoog.
 765 I: Is dit vir almal of net vir julle, sjoe. Dit is omtrent die helfte.
 766 C: Dit is nie hoeveel druip nie, dit is die rapport punt.
 767 Praat oor punte
 768 Praat oor meisies in die skool

- 769 Praat oor prefek wees
- 770 C: Ons het baie voordele. Ons kan inkom in 'n klas wanneer ons wil. Ons het altyd
- 771 'n verskoning. Ons reel goeters, ons het nou 'n Valentynsbal, more aand het ons
- 772 'n vergadering oor die krieket.
- 773 I: Moreaand. Sjoe.
- 774 C: Ja, Saterdag is die Valentyns bal, ons moet daar wees. Baie van die
- 775 byeenkomste, sport en atletiek, moet ons daar wees. Ons het nou basies verlede
- 776 week, of die week voor dit. Of een van daai twee weke. As ek by die huis gekom
- 777 het, en werk het en ek sit by die huis twee ure dan is dit baie goed. Want die
- 778 Maandag het ek krieket geofen en toe kom jy hier aan, Dinsdag het ek krieket
- 779 gespeel, ek het gespeel en eers laat die aand by die huis aangekom. Woensdag
- 780 het ons iets aan gehad... Ons was tot nege uur by die skool gewees. Donderdag
- 781 het ons die groentjie konsert gehad, eers kwart oor elf uur by die huis aangekom.
- 782 I: Hoe was dit?
- 783 C: Ek het gedink my groep is die beste van almal gewees. En Vrydag was ons by
- 784 Rustenburg by 'n atletiek byeenkoms gewees, maar ek was nie. Ek was na my
- 785 niggie toe gewees. My niggie... ek is moeg toe ek by die huis gekom het, dan
- 786 slaap ek.
- 787 I: Nou wanneer doen jy huiswerk?
- 788 C: Huiswerk doen ek so..
- 789 I: Pouses, 5 minute voor die tyd?
- 790 C: Ja, af periodes, ons het baie af periodes. Voor krieket die middag. Huiswerk kry
- 791 ek, bring ek nie baie huis toe nie. Want ek weet as dit huiswerk huis toe bring
- 792 gaan ek lui raak, gaan ek dit ... nie aframmel nie, afskeep werk doen, maar...
- 793 I: O, okay, jy gebruik jou tyd goed
- 794 C: Ek probeer om die meeste by die skool te doen, as ek 'n probleem het, dat ek die
- 795 onderwysers kan vra.
- 796 I: O, okay.
- 797 C: Ek probeer maar om goed in te pas waar ek kan.
- 798 I: Dit klink asof jy dit regtig regkry.
- 799 C: Daar is baie goed wat ek nie so lekker reg kry nie, dis te veel. Ag, maar ek
- 800 manage.
- 801 I: Klink so dis goed. Nou ja ek moet nou amper huis toe se kant toe staan. Is daar
- 802 iets wat jy my wil vra, onthou dit is 'n two-way street hierdie. Whoe hier kom dit...
- 803 Praat oor sy handskrif.
- 804 Praat oor briewe skryf.
- 805 Praat oor karretjies.
- 806 Praat oor iemand wat gesterf het in 'n botsing.
- 807 Praat oor waar hy gaan bly op die myn.
- 808 Praat oor baie kinders in die huis.
- 809 Praat oor hoe hy sy eie kamer gekry het.
- 810 Praat oor selfoon wat hy self betaal.
- 811 Praat oor rave.
- 812 Praat oor eksamen en sy verjaarsdag.
- 813 (16 Feb 2004)

1 **Carl Session 3,**
2 *8 Maart 2004*
3 Interesting set-up, when I came there, there were 2 friends, a couple (Bebé and
4 Tanya), and they said I can just continue.. which for me was a bit strange.... I
5 wanted to ask about the people who said it won't work – who said he would be a
6 wash out – and I didn't felt like starting with that in front of other people, so I
7 started of with the question of what is it like as a gay family in a straight world,
8 and they do not have to agree with me on that it is a straight world, that they must
9 please differ from me.... But then Susan started saying she agrees, because they
10 can't walk in the streets holding hands, out of fear for confrontation, you don't
11 want to encourage a reaction or confrontation;
12 And the other lady said, or when they did it and a group of men made remarks and
13 their house was burgled one or two days after that, and although she can't prove
14 it, she just know it and the neighbour, an old man across them, also supports
15 that.
16 Continue chatting about prejudice and discrimination that they all have encountered,
17 with men at dance – calling them lesbians, etc,
18
19 They can tell me that, but not in front of my kids
20 (Wil nie konfrontasie uitlok nie, veral nie waar hy by is nie)
21
22 It's not only what they think will happen, it has happened
23
24 Bebé sê: as mans die idee kry dat jy nie afhanklik is van hulle nie, dan stoot hulle
25 jou eenkant toe"
26
27 Bebé: Mediese insident – partner by werk op haar kaart opsit:
28 Sy werk dan nie by Raad nie
29 Werk jou vrou hier, nee sê hy, maar is jou vrou op jou medies, ja sê hy. Nou maar,
30 as sy nou my houvrou is, wat dan
31 Sal hulle nie openlik konfronteer nie, maar op 'n punt gekom dat as jy my aanvat
32 dan sal ek jou aanvat.
33 Ek moet maar eendag aan Here antwoord, want voor die Here nou uitdruklik voor
34 my kom staan en sê jy moet dit nou stop
35 Want die Here het 'n manier op reguit met my te praat; en tensy ek 'n
36 straightforward boodskap kry, het dit niks met iemand te make
37
38 Penny beaam en sê dis hoe Susan ook is – tensy die Here hier voor my verskyn, ek
39 wil nie mense se opinies hoor nie
40
41 Ja, Bebé – ek lees nog dieselfde Bybel en 20 jaar terug het hulle gesê ek mag nie
42 met hierdie mense praat nie (wys na bediende wat swart is se kant toe), want
43 hulle's diere, twintig jaar later lees ek nog presies die Bybel en nou's dit anders
44
45 Tanya praat oor as mense jou ken, dan is dit anders of tree hulle anders op , dan is
46 dit vir hulle baie meer aanvaarbaar.
47 Makiker as mense jou eers ken
48 Werk tussen jongmense, hulle nie issue
49
50 Lag vir my vir vraag oor konstitusie
51 Sukkel steeds om op medies te kom – Susan met Bonitas – sukkel al 3 maande
52

53 Daar word meer van julle verwag as van straight couple, straight mense trou en kry
54 alles; jy moet baie meer bewys
55 Bebé sê sy kan dit verstaan – want elke 2, 3 maande moet ander naam op .
56
57 Praat oor bloedskenk, Bebé en Tanya al geweier oor hulle gay is. En wie is veiligste
58 groep! Penny nog nooit geweier.
59
60 Gesprek rondom AIDS – Bebé wat voel hulle/ regering weet nog te min van siekte,
61 sy sal dat pelle vir haar bloed skenk
62
63 Ek vra in oor meer verwag as gay ouer... Penny stem saam, ek vra bv. oor laasjaar
64 toe punte swak was, gaan dit oor ma's of oor ander goed – Carl sê dis meer oor
65 dat hy die eerste kind in familie sal wees wat matriek maak, en oor daardie beeld
66 in familie.
67
68 Praat oor families en hoe dit aanvaar word al dan nie – niemand blatante
69 diskriminasie of verwerping – Susan oor haar ouma, wat sê as sy gelukkig is dan
70 is dit goed so: Vir ouma gesê sy en Penny bly saam soos 'n man en vrou doen;
71 "ouma, ek en Penny leef saam soos 'n man en vrou doen")
72
73 Haar skoonpa het haar aan al sy pelle voorgestel as sy skoonseun, en dat sy dan by
74 mans moet sit en bier drink, terwyl die vrouens in die kombuis is
75 Sy lyk nogal skaam daaroor – maar
76
77 O, en nuwe disclosure insident: Tiaan, maat wat naby bly; was in dieselfde kerk
78 voorheen:
79 I: Vertel vir ons van wat gebeur het
80 C: Toe't ons hier gestaan, toe vra hy vir my of ons nog in daai kerk is, want hulle is
81 nou in 'n ander kerk. Toe vra hy of my ma-hulle nog in daai kerk is, toe sê ek
82 hulle gaan nou na 'n gay kerk toe
83 En hy vra: Na 'n gay kerk toe, en hy kyk my so, stil
84 Ek sê: Weet jy nie my ma-hulle is gay nie?
85 M: Moenie met my strooi praat nie
86 C: Hy deny dit heeltyd, toe't ek fotos gaan haal
87 [Lag, stemme gelyk]
88 I: En hoe't jy gevoel toe hy sê man moenie met my strooi praat nie
89 C: Ek was verbaas gewees
90 S: Jy't gedink hy't gaan meer breins as dit en dit al agtergekom het
91 C: Ihim
92
93 I: En toe wat sê jy vir hom om hom te oortuig
94 C: Serious, en ek wys hom die foto's
95 I: En wat was sy reaksie toe
96 C: Nee hy't toe niks gesê nie, net gesê okay, en aangegaan
97
98 I: Ek het gewonder of julle meer insidente verwag het deur die jare? Geantisipeer
99 het amper, dat van sy pelle dalk iet sou sê of so, want daar was eintlik min
100 insidente?
101 S: Ja, en hy het altyd vir ons gesê, soos in graad 1. Ek weet nie of hulle jou gespot
102 het by die skool nie?
103 C: Nee
104 S: Hulle was te skuit bang vir jou
105 P: Hy was altyd die langste
106 S: Ons het eintlik baie min insidente gehad
107 P: Hy't uit sy eie uit – daai aand by die skool

- 108 S: Vir die prefekte gesê, en vir Tiaan gesê en Neil weet al, weet Charl, weet hy al –
 109 C: Hy weet maar hy't nog niks gesê nie.
 110 S: Maar ek dink hy weet
 111 P: Hulle skryf hom nie af nie, hulle kom nogsteeds kuier, en dis vir my nice
 112 C: Hulle kom eintlik juis kuier, want...(mompel)... iets van hulle word nie gepla nie
 113
 114 I: Dink jy dis 'n ding wat mens moet sê
 115 C: Ek vertel net mense wat ek kan trust. Ek gaan nie van die verhoog af skree
 116 P: My ma-hulle is gay
 117 C: Maar my vriende sal ek sê
 118 I: Is dit 'n moet? Dat jy moet sê, of is dit soos jou een pel wat weet maar niks word
 119 gesê nie? Dit gaan net aan
 120 C: Nee, dit pla my nie meer nie, nie baie nie, dit pla my glad nie meer nie
 121 I: Dit klink asof dit jou wel gepla het op 'n stadium.
 122 P: Ja, ek wou nou net ...
 123 I: En dis nie verkeerd nie, want dis wat so great is nou dat jy ouer is en kan
 124 terugdink
 125 C: Ek was toe ek jonger was bang vir konfrontasies
 126 I: Okay
 127 C: mm
 128 I: Hoe oud was jy toe
 129 C: Laerskool, st 1
 130 Van graad 4,5 het ek bo die ander kinders begin uitreik en toe't hulle bang vir my
 131 geraak en toe back hulle af
 132 I: O okay
 133 S: Maar jy's nog nooit gespot oor ons nie
 134 W lh ih (soos in nee), Behalwe in graad een, maar ek kan dit nie onthou nie
 135 P: Maar ek dink nie basies dit was 'n gespottery oor ons nie, hulle het gesê hy't nie
 136 'n pa nie. Ek dink nie graad eentjies weet van gay nie...
 137 I: Stem jy saam Carl
 138 C: Ja ek dink ook so, ek weet nie, ek was te klein gewees daai tyd
 139 P: Ek dink nie kleintjies.... As jy vir 'n graad eentjie sê jou ma en jou pa is lekker
 140 lesbiëns, jou ma's is lesbiëne dit gaan nie regtig by hom insink nie
 141 S: Kyk nou net vir (niggie). Sy's nou graad een. En moes ek nou please explain dat
 142 ek 'n vrou is..
 143 Ander: haai, wat?
 144 S: Ja ernstig, praat jy, sy't met jou gepraat
 145 P: Ek het vir haar gesê...
 146 [praat oor hoe sy nou sê van Susan het ook tieties en 'n gauva – maar sy glo dit nie;
 147 ander kleinkind of neef sê nou nog vir haar Oom Susan]
 148 Sy stry lewe en dood
 149 Wys borste dat jy kan sien
 150 Tot nou toe glo sy dit nie
 151
 152 P: En Nicky ook, 12 – groet haar, middag oom. Dis te goed
 153 Mense lag
 154 P: Hulle oom nog al die pad vir Susan
 155 Hulle sien tog die boobs, maar ek dink hulle sien die boots, ek dink dis die manlik
 156 figuur in haar
 157 I: Die masculinity
 158 P: Ja
 159 I: Pla dit jou Susan? Want dis iets wat by julle ook uitkom, dat hy jou stiefpa noem
 160 C: My pa
 161 S: Dis pa nou
 162

- 163 [Praat oor inhuldiging]
 164
 165 I: Hoekom is dit so, ek sit en dink as 'n straight persoon dit moet encounter, vir die
 166 eerste keer moet hoor, dan is dit vir hulle vreemd. Waarom is dit so, wat is die
 167 funksie, hoekom is dit vir jou nice om haar pa te noem
 168 C: Want sy's my vaderfigur
 169 S: Imm
 170 I: En vir jou Susan?
 171 S: Wel, ek meen ek's die butch in die verhouding so ek neem aan ek's die
 172 vaderfiguur, ek moet die pa wees... Ek probeer altans
 173 [Almal praat]
 174 S: Gelukkig het hy my geaardheid aangeleer
 175 - - -
 176 I: Carl wat is vir jou vaderfiguur, as jy daardie woord bietjie kan ontleed
 177 C: Vaderfiguur is iemand jy deel als met hom, ek en omdat ek die seun is, deel ek
 178 alles
 179
 180 I: Okay , nou wat was eerste die hoender of die eier..
 181 - - -
 182 I: Is dit oordadig jy baie nice met haar share dat jy dink, ja, ek's 'n seun, ek moet dit
 183 met 'n pa doen; dink jy nie daar is seuns wat met hulle ma's nice goed share nie
 184 C: Ek praat met my ma ook oor baie goed en, maar meestal met Susan
 185 I: En daarom is sy vir jou soos 'n pa
 186 C: Ihim
 187 S: Kom ons sê so, dinge wat seuns graag wil weet, praat ek met hom. As ek nie
 188 weet nie dan sal ek gaan uitvind of vir hom sê gaan vra vir Oupa Henry of vir een
 189 van sy ooms of nefies. Maar die meeste van die tyd help ek hom self met
 190 dingetjies wat hy wil weet
 191 Comment oor die oupas en nefies –die teenwoordigheid van baie mansfigure...
 192 P: En hulle is baie lief vir hom, hy sal net vir hulle sê spring en hulle sal sê, hoe
 193 hoog. Nie dat hy dit misbruik nie, maar as hy hulle nodig het is hulle daar vir hom
 194 - - -
 195 P: Hulle betaal al vir 2 jaar sy skoolgeld en gaan nou sy eksamen geld ook betaal
 196 S: En dis wat so nice is. Dis nie vir hulle nodig enigsens om dit te doen nie. En dit
 197 wys net vir jou hoe aanvaar ons familie, my familie, vir hom en hulle 2.
 198
 199 I: Was dit van die begin af so
 200 P: Nie haar familie nie, maar haar ma
 201 S: Eerste aand toe ek hulle voorstel toe sê sy jy bring 'n alkohol hier binne
 202
 203 Chat oor hoe't dit verbeter, wel nog hulle fights gehad, ...
 204 - - -
 205 Pres Bush – gay marriages
 206
 207 B: ek kan nie worry nie
 208 T: as ons nie kan nie, hoekom moet ons worry dat die Amerikaners kan
 209 B: praat oor hoe T wou, en hulle het daarvoor gechat
 210 Daardie papier maak dit nie beter of makliker nie, en gaan jou nie keer om jou goed
 211 te vat en te loop nie;
 212 Volgens my, alles wat gay aan is kon ek sover regkry, maar volgens die Bybel is die
 213 huwelik 'n man en 'n vrou....
 214 Ek kry al die voordele wat ek kan in elk geval, ek sien nie die nut daarin nie
 215 Ek glo nie in 'n gay huwelik nie
 216
 217 P Wil nie begin jare oortel nie

- 218 (vandag 15 jaar saam)
219
220 Butch-femme tendense in verhouding
221 T & B comment nie so in hulle verh nie, nie soos met P en S nie
222
223 Vertel oor die rolle, hoe sien julle julle verhouding?
224 Daar is nie
225 Butch is die meer manlike in die verhouding...
226 Meer 50/50 verh
227 Plugs regmaak, kosmaak, skottelgoed was
228
229 Maar Susan maak ook kos, want Penny hou nie van kosmaak of kan nie lekker –
230 Carl se hy kan ook nie, maar hy moet...ek sê hy's man van 21e eeu
231
232 Praat oor gesinne waar kinders nie goed behandel word nie
233 Vergoudings wat onstabiel is – spesifiek nou gay verhoudings; ook oor straight
234 couples waar kinders verwaarloos word
235
236 Ek vra:
237 I: Hoe is dit om te kuier in huise waar daar kinders is, is dit anders of dieselfde?
238 B: Daar is party plekke waar dit vir my anders is, maar nie hier nie, omdat dit 'n
239 stabiele omgewing is. Ek was al in huise waar dit nie so 'n stabiele omgewing is
240 nie
241 *Bebé skets scenario:*
242 Gillery en bakleiery, vriende
243 Mode om kinders aan te neem
244 Soms wou hulle nie regtig kinders gehad het nie
245
246 B: Dis, vir my, behoort dit moeilik vir 'n kind te wees om onder sulke omstandighede
247 te bly en dan nog te verduidelik hoekom is my ma 'n vrou en my pa is 'n vrou; en
248 ek is altyd deurmekaar en kan nie my pels huis toe bring nie. En kinders moet
249 kan pels huis toe bring maar nie as daar nie stabiele omstandighede is nie.
250
251 P: Aan die einde van die dag is dit nie die 2 ouers wat seerkry nie, dis die kind wat
252 seerkry
253
254 S: Hy bring sy pels huis toe, hulle doen wat hulle wil doen
255
256 (20:20) Ek dink in die samelewing vandag waar gay couples kinders aanneem en
257 die kindes baie skade aandoen;
258
259 P: As jy 'n kind aanneem, moet jou verhouding
260 S: As jy 'n ander man se bloed wil inbring
261 P: Daar kan nie 'n gedrinkery wees nie, die kind moet sy eie kamer hê, jou
262 vriende....
263
264 Vertel weer van vriendin wat ingestap het en gesê het hi, ek is ... en ons is gay ,
265 nee, ons is lesbiëns;
266 Maar hy was okay daarmee, gaan saam met hulle kerk toe ens
267
268 S: Maar dis nie hoe mens dit wil doen nie, of hy moet dit self doen, ja ons kry
269 partymaal glipsies hy
270 S: Ons probeer altyd dink aan hom
271 P: Ons wil nie hom in 'n gespottery inbring nie
272

- 273 P praat oor hoe't haar man Carl met stompies gebrand as sy kar bestuur want hy's
274 te dronk.
275 Hoe het hy amper hom in swembad laat verdrink.
276 Hoe sy rond verhuis het as kind en st 8 8/9 skole was – gedruip – nie kaas, polonie
277 of weense worsies geken nie – vertel weer storie van hoe alles eerste keer
278 opgeëet toe Susan groceries gekoop het.
279 Carl net marog en mielierys geëet vir sy eerste 3 maande, toe het haar ouers hom
280 kom haal. Na haar egskeiding het sy en haar pa weer 'n pad begin saamloop.
281
282 Praat oor hoe Susan hom gaan mis volgende jaar; en hoe hulle uitsien na
283 kleinkinders (20:26)
284
285 Hoekom nie kinders wil hê nie:
286 Duur
287 As kind iets moet oorkom – vrese
288 Dwelms
289 Dissipline styl
290
291 Grootword-tye...

- 1 **Carl Session 4**
- 2 Carl: ouers, sessie 4, 29 Maart 2004
- 3 Carl is in die Kaap, by Penny se suster besig om daar vakansiewerk te doen:
- 4 loodgieterswerk en so meer.
- 5 Daar vir 3 weke
- 6 Hulle mis hom klaar, stilte is erg – mis sy musiek en sy stem en sy lag, al was hy die
- 7 laaste tyd moeilik – wil net rondry en by 3 meisies gaan kuier.
- 8 Fietstoer
- 9 Bly eksamen is verby
- 10 Susan praat weer oor laasjaar se eksamen insidente. Sy sê hy was baie humeurig
- 11 voor die tyd en hulle kon sien iets broei. Toe kry sy een dag SMS van Penny wat
- 12 sê "praat met jou kindjie"; en kort daarna 'n SMS van "pa, kan ek met pa kom
- 13 praat, ek kan nie met ma praat nie". Toe laat sy hom werk toe kom en toe praat
- 14 hulle dit uit. Hy't lekker gehuil, was baie bekommerd oor hy slap gelê het. En
- 15 oupa (haar broer wat hy oupa noem) stel hoë verwagtinge in hom en hy gaan
- 16 hulle teleurstel. En toe op die ou einde nie so sleg gedoen nie.
- 17 Penny sê vir hom as dinge begin druk moet hy met Susan praat.
- 18 Hy skimp iets or selfmoord die vorige naweek, en Susan sê niks in die lewe kan so
- 19 erg wees om dit te doen nie, jy soek hulp en jy praat.
- 20 Verwys na een van pelle wat geen ondersteuning kry nie, hulle is 9 kinders, speel
- 21 krieket – Noord Transvaal en ouers nooit by die baan nie.
- 22 Hy is baie uitputtend die week sê Penny, Susan beaam (oor meisies en rondry)
- 23 As vir kar vra: "Pa", "nee vergeet dit", "Ag pa, ek moet vir R■■■■ help met sy
- 24 rekenaar" (Outjie or wie hy hom ontferm, wat gedruip het en nie meer skool toe
- 25 gaan nie)
- 26 I: Mense wat gesê het daar gaan niks van hom word nie... daai mense, is dit
- 27 mense naby aan julle of sommer net so op die rand, verlangse familie? Of was
- 28 daar spesieseke mense?
- 29 S: Ek sou sê mense het so gedink, mense het nie iets gesê nie, het hulle iets gesê
- 30 (draai na Penny)
- 31 I: Want Carl het so pertinent gevra "wie" en toe wou ek nie die issue push nie
- 32 S: EK weet ook nie wie dit was nie
- 33 P: (Knik) Dit was my broer, hy't vir my gesê, dit het so gekom. Ek en hy het een dag
- 34 gery,
- 35 S: O,
- 36 P: Onthou jy
- 37 S: Ek kon onthou wat hy jou gevra het, maar nie wat hy van Carl vertel het nie
- 38 P: Dit hoef ek nie te vertel nie
- 39 I: Nee dit hoef glad nie
- 40 P: Hy't gesê, omdat ek nou 'n lesbiën uitgedraai het, dink ek nie my kind gaan nou
- 41 'n moffie uitdraai nie, ek gaan dit vir jou nou net so sê soos hy gepraat het,
- 42 I: Ja, doen seblief
- 43 P: Nee, hy sal nie so uitdraai nie. Toe sê hy vir my, dink jy nie hy gaan 'n "f..op"
- 44 wees op skool nie. Toe sê ek net nee ek dink nie so nie. Toe sê ek net my kind
- 45 sal nie, as ek en Susan hom reg groot maak, toe sê ek nee ek dink nie so nie.
- 46 Toe sê ek vir hom maar as jy 'n probleem daarmee het moenie jou probleme
- 47 myne maak nie. Ek bly nou by haar en ek en sy gaan Carl saam grootmaak.
- 48 I: Ja
- 49 P: Nou, nou die dag toe sê ek vir my ma sy moet bietjie vir T (broer) sê hoe goed
- 50 het hy gedoen
- 51 I: Imm
- 52 P: So was dit my boetie
- 53 S: Ek wonder of hy ooit sal onthou wat hy gesê het
- 54 P: Nee ek weet nie

- 55 I: Maar dit klink asof dit so in die beginfase was, toe hy nog geskok was
 56 P: Imm
 57 - - -
 58 P: Ek dink nie dit was noodwendig skok nie, as jy my probleme geken sal jy
 59 verstaan waaroor dit gegaan het.
 60 I: Okay,
 61 - - -
 62 En dan hoekom is dit so belangrik dat hy straight moet wees?
 63 P: Dan sou ons hom so aanvaar het, weet jy, ek sê né, en ek het dit nou die dag vir
 64 hom gesê, as hy besluit hy wil rook, kom na my toe, kom wys vir ma en pa ek
 65 rook, as hy na my en Susan toe kom en sê hy's gay, dan gaan ek nie my kind by
 66 die deur uitjaag nie; as hy met 'n swart meisie wil uitgaan, ek gaan hom nie jaag
 67 nie, wat hy ook al wil uitdraai dit is mos nou sy keuse. Ons elkeen het 'n keuse in
 68 die lewe, so dit pla my regtig nie. Regtig.
 69 I: Dit was amper by hom so van, kom ons sê "ek is straight", en mens wonder
 70 nogal wat beteken dit, is dit regtig 'n ding want ek dink dis baie keer so van gay
 71 ouers dat, want dis die algemene ding, soos julle gesê het, die samelewing wat
 72 sê ja nee, hulle gaan ook gay wees
 73 P: Ja, jou kind gaan ook gay wees
 74 I: Maar ons almal kom uit straight huwelike en ons is gay
 75 P: O ja
 76 I: Maar ja
 77 S: Daar is baie kinders wat in gay verhoudings is wat tog gay uitdraai, ek het al
 78 gehoor van kinders... ek weet nie of dit dalk...onderlangs in die onderbewuste
 79 dat jy hom toe maar wel bietjie pressure om straight te wees, ek weet nie
 80 I: Dis nogal iets waaroor ek wonder
 81 S: Want ek het baie vir hom gesê 'check daai cherrie', kyk daai mooi meisie, kyk ek
 82 het altyd aanmerkings gemaak oor meisies om hom attent te maak op meisies,
 83 hoekom weet ek nie, seker maar...kan ook wees, seker maar oor ek die pa-rol
 84 speel, seker as ek nou mooi dink, want as 'n straight pa en seun in die straat
 85 afloop, gaan die pa tog vir hom sê kyk daai cherrie, is dit nou nie 'n oulike meisie
 86 daai nie, sulke goed..dit was seker nou deel van my rol gewees.
 87 I: Imm
 88 P: Moenie vir my kyk as julle so
 89 I: Ons probeer die goed uitfigure, want die goed is nogal kompleks
 90 S: Ja
 91 P: Solank hy net goed wees
 92 S: Ek wil nie hê hy moet 'n dronkgat word, 'n vroueslaner
 93 ...
 94 S: Hy weet ook die dag as hy aan 'n meisie of sy vrou slaan of stamp, is die hel los
 95 P: Ja, hierdie ma klim ook in
 96 ...
 97 I: O, hierdie is eintlik wat ek vir hom wou vra, imm, die voordele dat die maats nou
 98 weet, of daar enige verandering is nou dat die close maats weet,...
 99 S: Nee, ek dink nie hy praat oor ons nie
 100 ...
 101 ek dink nie kinders praat oor hulle ouers nie
 102 P: Maar ek dink nie dit het verander nie, hulle is nog dieselfde, presies dieselfde,
 103 maak grappies en so
 104 S: Danie het my nog altyd met die hand gegroet en nou dat hy weet groet hy my
 105 nogsteeds met die hand
 106 Vra uit oor voor die tyd ongemak, - niks nie
 107 Penny sê as hulle snaaks is met haar sal sy hulle in elk geval uitjaag.
 108 ...

- 109 Susan vertel van dat sy vir hom gevra het, maar seun, wat nou as jy 'n meisie het,
110 want as jy regtig net by haar wil wees, dan sal jy jou ma-hulle afskryf vir haar; en
111 Carl sê nee glad nie
112 Vertel van meisie (M) en hoe hy vir haar vertel het van sy grootste geheim/ secret,
113 "my ma-hulle is gay" en hoe hy haar gevra het het sy 'n probleem, en sy het
114 gesê, nee, solank dit net nie tussen hulle 2 inkom nie
115 I: Ek wonder wat het sy daarmee bedoel?
116 S: Ja, seker maar nie inmeng nie, ek weet nie
117 Vertel hoe opgebreek het, girl het met Carl en sy neef gekuier – hoe hulle 2 amper
118 meer gehuil het as Carl self
119 En van eerste meisie 2 jaar terug, nie geëet, net rondgedwaal, tot Susan een aand
120 met hom gepraat het
121 Nou het hy 3 meisies
122 Penny het meisie wat ook gay is ontmoet waarvan hy nou die aand gepraat het
123 Los geselsies: Skottelgoed, kamer onnet, vriende, ...dwelms...

- 1 **Danielle session 2**
- 2 Talk about trouble sleeping (had burglary previous week in her room)
10 C: En dan imm, ja, chat julle sommer net oor wie's julle en wie's julle family
11 E: Ek is Erid
12 C: Ek weet nie eers hoe spel mens dit nie
13 E: "E-r-i-d", so jy moet dit vir my spel
14 Almal spel my naam verkeerd, "██████" of "██████"
15 C: En Kashni, hoe hoe spel mens jou naam
16 K: K-a-s-h-n-i
17 C: s-h-n-i;
18 Okay, So just tell me what it's like being in this family, just generally, I'll ask specific
19 questions later on
20 E: Nice
21 C: Okay, wat is nice
22 E: As mens persente kry
23 C: Ja, en kersfees kom
24 [Erid chat oor geskenk wat gekry het by nefie, Matrix unloaded DVD, 7 maande later
25 eers, en hy't ook toevallig dieselfde vir nefie gekoop]
26 C: En vir jou?
27 (19:11:55)
28 K: Dis ook lekker
29 C & K: ja (lag al 2)
30 C: Wat is lekker?
31 K: ja dis net, ja, ons is 'n liefdevolle familie, soos in, 'n huis vol liefde, ja
32 maar ons het ons argumente, lag
33 C: Lag, dis okay, so wat is 'n tipiese argument, waarom gaan dit
34 K: Ek wat grumpy is, en
35 C: O okay
36 K: Uhm, as ek en my boetie baklei
37 C: Ihim
38 E En K: praat gelyk
39 K: No man, that's the arguments
40 E: I love getting money
41 C: Ye right
42 E: I love it
43 C: Ja...okay
44 - - -
45 E: 'n Maatjie van my wou vir my R250 gegee het. R250 sommer net so
46 E: R250 wou hy my gegee het, sommer net so,
47 - - -
48 E: Could you have taken it Kashni, R250?
49 K: No
50 E: Why not?
51 K: You just don't
52 E: He offers it to you for free, no strings attached
53 C: Nothing comes for free without strings attached
54 E: Hoekom
55 K: Niks verniet

- 56 C: Okay, let's go a bit more specific, as ons in bietjie meer detail gaan kyk,
 57 imm, vertel my van, as mens bv. as jy skool toe gaan, aan die begin van die jaar,
 58 of as jy uitgaan met pelle, is daar partymaal dat jy voel dis anders of dis glad nie,
 59 dat jy dink: o, gaan iemand dalk iets dink want ek het 2 ma's, dat dit dalk deur jou
 60 kop gaan, of..
- 61 K: Jja
 62 - - -
- 63 C: Vertel bietjie
- 64 K: Ek bedoel, party mense is nou maar net ongemaklik daarmee en dit kan
 65 partykeer 'n moeilike situasie wees veral, jy weet, en ek het vriende né, okay né,
 66 en ek het vriende gehad wat so was, en toe besluit ek dit help nie veel ek is
 67 vriende met hulle as hulle nie met my wil soort van, jy weet, ja maar meeste van
 68 hulle is okay daarmee; en as hulle daarvan weet dan is dit nie 'n probleem nie,
 69 dan ja
- 70 C: Dan gaan dit aan soos normaalweg – dis amper asof dit aan die begin so 'n ding
 71 is
- 72 K: Ja
- 73 C: Hoe sense jy hulle ongemak?
- 74 K: Mens kan dit voel as hulle soos in oor jou ouers praat, en jy voel so, as, sê nou jy
 75 nooi hulle om na jou huis toe te kom, mens voel die ongemak dat hulle nie wil nie
 76 of so, ja
- 77 C: En wie maak gewoonlik die eerste move om dit te hanteer
- 78 K: Ekke, ek sê net vir hulle, luister hier, imm, twee 2 ma's okay, en dan's dit soos in,
 79 o, okay,
- 80 *[Onderbreking: Honde blaf, storm deur vertrek]*
- 81 C: Kan jy dink aan 'n aan 'n keer wat dit nice was, om iemand te vertel
- 82 K: Meeste van die kere is dit so, imm, dit was baie okay in Rodcrest College, want
 83 ek bedoel baie mense daar is openminded en dit was lekker. Maar nou by
 84 Festive School is dit bietjie, moeiliker, moeiliker want baie mense is meer
 85 konserwatief
- 86 C: Imm ja
- 87 C: Wat was vir jou die badste experience- wat jy heavy ongemaklik gevoel het
- 88 K: Wat ek..?
- 89 C: Wat jy heavy ongemaklik gevoel het
- 90 K: Ek het van hierdie outjie gehou, uhm, ons het goed oor die weg gekom, en nie
 91 geweet hoe hy oor my voel nie. Imm, En toe jy weet moes ek vir hom sê, want dit
 92 kan net nie nie werk as hy nie weet nie. Maar ek bedoel as jy straight met hom is
 93 en soos in die waarheid vertel dan's dit okay en hy was fine daarmee
- 94 C: Oraait, so dalk daar aan die begin het jy dit bietjie stilgehou
- 95 K: Ja, soos in, ek weet nooit, partykeer, weet, is daar is 'n sekere tyd wat jy dit kan
 96 sê, en ja, soos in, ja, en partykeer kan jy dit net dadelik sê
- 97 C: En wat bepaal dit, ek weet dis nou moeilik om te sê wanneer is dit makliker om te
 98 sê en dis oop, of ander kere moet jy half die situasie lees
- 99 K: Imm, as 'n vriend van jou soos in baie oop is en sy's so, dan, dan kan 'n mens dit
 100 imm, doen, imm, as mens die persoon dadelik kan leer ken jy weet,. Maar sekere
 101 mense, soos in veral met 'n seun, want ek weet nou nie hoe hy is nie, so ek moet
 102 hom eers leer ken jy weet, verstaan, hoe is hy, en, soos in wat se soort persoon,
 103 ek bedoel as hy soos in 'n heavy konserwatiewe persoon is dan kan ek mos nie
 104 eintlik, is, dan gaan dit mos nie werk nie, maar imm, en dan ja. Dit het al gebeur,
 105 en dan los ek dit, dan kan dit nie. Maar andersins imm, ja, dan dan lees jy dit en
 106 jy sê dit vir hom of haar.
- 107 C: Wat is oop?
- 108 K: Hoe bedoel jy nou?
- 109 C: Jy sê die mense is oop

- 110 K: Hulle is net soos in openminded – imm, hulle gee nie eintlik om nie –hulle is maar
 111 gemaklik met enige situasie of, ja
- 112 C: Wat is, wat is nice hiervan, wat dink jy maak dit beter as 'n gewone, van 'n pa en
 113 ma
- 114 K: Imm, lag lekker
 115 En imm, ek dink 'n mens kry soos in soos in meer aandag, want 'n ma, ma's dink
 116 ek, is meer mense wat meer aandag gee imm, in 'n familie, en dan kry jou nou
 117 meer aandag, maar partykeer kan dit te veel aandag wees wanneer hulle
 118 overprotective is, want dis meer die ma's wat meer overprotective is
- 119 C & K: Lag
- 120 K: So dis 'n win-lose situasie
- 121 C: Wat sê jou maats, as hulle hier kom oorslaap
- 122 K: Niks nie, hulle is fine daarmee, hulle hulle noem hulle Tannie Anriëtte of Tannie
 123 Zané of, jy weet, hulle is fine daarmee
- 124 C: Het iemand al ooit iets, jy weet half 'n spesiale comment daarvoor gehad, soos, of
 125 dis cool, of dis weird
- 126 K: Ja party mense sê dis cool, dit moet cool wees dat jy 2 ma's het- maar ja daar
 127 was al soos in probleme by die skool, imm ja, en ag, okay, ek het 'n paar
 128 probleme gehad en toe een dag, né, toe hak hierdie seuns nou net uit, né en sê
 129 hulle ja jis jy's 'n lesbiën en jou ma's is nie lekker nie en sulke dinge né en toe sê
 130 ek nou vir my ma, en wraggies, toe gaan sy nou skool toe en toe gaan praat sy
 131 nou met die hoof en juf [redacted] en toe praat sy so voor die hele klas, né, en sy roep
 132 hierdie seuns, en dis nou ma Anriëtte, okay, en sy roep hierdie seuns, né en sy
 133 sê, as ek weer hoor dat julle noem my dogter 'n lesbiën noem né, dan, jy weet
 134 dan gaan ek julle ouers bel en dan jy weet, dan gaan ek julle aankla van, jy weet,
 135 wat as mens iets, as mens name noem, dan
- 136 C: Naamskending
- 137 K: Ja, imm, ja, dan gaan julle ouers hierdie hofgeld en wat moet betaal, uhm, ja en
 138 jy weet, en net vir hulle gesê dis nie Kashni wat jy weet, 'n lesbiën is nie, dis ons,
 139 toe, ja,
 140 En as julle probleme daarmee het dan moet julle vir ons kom sê en toe was dit
 141 nooit weer 'n probleem nie (lag)
- 142 C: Okay
- 143 K: Ja
- 144 C: En hoe't jy gevoel toe ma daar instap (o, ek wens ek kon nou daai gesig afneem)
- 145 K: Heavy embarrassing, my arms was oor my kop gedurende die hele ding
- 146 C: En ja, oho ja
 147 En daarna, het mense nog iets weer gesê
- 148 K: Hulle het nie gewaag om iets te sê nie
- 149 C: En body language wise, kinders wys dit mos verskillend, hulle het mos nie nodig
 150 om iets te sê nie
- 151 K: Imm, nee, nee...
- 152 C: En toe dit gebeur het nog voor jy by die huis gekom het, voor jy vir ma-hulle gesê
 153 het dit het gebeur? Wat het deur jou kop gegaan? Hoe't jy gevoel?
- 154 K: Soos in toe
- 155 C: Daar soos in die situasie
- 156 K: Uhm, ek het ongemaklik gevoel en so imm dis nie 'n lekker gevoel nie, uhm, soos
 157 in, ek weet nie juis hoe om te verduidelik nie, baie huilerig en jy weet, soos in
 158 stil. Okay ek is nie 'n stil persoon nie, [lag], ek is 'n persoon wat soos in heavy
 159 loud is en ek praat verskriklik baie in die klas, en ja, ek kan nogal 'n klas
 160 onderbreek met grappies en ander goed aanvang en ja, toe's ek net stil; en vir
 161 niemand iets gesê nie
- 162 *[onderbreek ma Z – Erid gaan bad]*
- 163 C: Ja, soos amper, as iemand vir jou iets sê soos in jy het 'n "skewe neus", dan sou
 164 jy iets teruggesê het

- 165 K: Uhm
- 166 C: Soos as hulle sê jou naels is lelik
- 167 K: Ek kan partykeer maar as dit 'n heavy iets is, dan, dan as dit erg is dan sal ek net
- 168 stilbly, dan sal ek vir ma sê as dit nou regtig erg is
- 169 C: Was daar pelle in die omgewing naby jou, van jou vriendinne, of was dit in die
- 170 klas
- 171 K: In die klas
- 172 C: In die klas, so niemand anders het iets gechirp nie, net silence
- 173 C: Ogh, ja
- 174 K: Ja
- 175 C: Dit was seker die eerste keer wat so iets erg gebeur het
- 176 K: Ja, eerste, maar die laaste
- 177 C: En dit was in die laerskool
- 178 K: Ja
- 179 C: Watse ouderdom
- 180 K: Ja dit was graad 5 in die begin van die jaar
- 181 C: Hoe's dit in die begin van die jaar as jy nou in 'n nuwe klas instap, veral nou soos
- 182 na Festive school toe
- 183 K: Uhm, okay jy weet almal is maar so-so, want dis standerd ses, ek weet nou nie,
- 184 soos jy jou vriende leer ken en vriende maak, [- -] sekere vriende wat nou nie
- 185 so goeie vriende is nie, ek bedoel, ek's vriende met hulle, maar ek praat nou nie
- 186 die hele dag met hulle nie, en dan, en hulle kom nou nie juis na my huis toe nie,
- 187 dan pla dit my nie. En as hulle hoor dan 's ek fine daarmee, en dan's hulle ook
- 188 gewoonlik fine daarmee. Maar soos in my goeie vriende, vriende wat ek elke dag
- 189 mee praat, sal ek vir hulle sê
- 190 C: Is dit amper dat jy voel jy moet dit share, jy kan dit nie net los nie,
- 191 K: Ja want anders sit ek met die ongemaklikheid, sê nou hulle kom na my huis toe,
- 192 dan verstaan hulle nou nie die situasie nie dan kan hulle ongemaklik wees met
- 193 die hele, weet, soos in 'n sleep-over
- 194 C: Wanneer was jou eerste sleep-over
- 195 K: Laerskool, ek weet nie, seker graad 3, graad 4
- 196 C: Okay, as jy can recollect, hoe't gevoel om vir jou maatjies..
- 197 K: Graad 3 of graad 4, dan maak dit mos nou nie so woes saak nie, Dan sê jy en
- 198 dan weet jou hele klas en ja, imm, hulle het nie 'n probleem nie. Maar soos hulle
- 199 ouer word en jy verstaan
- 200 C: Ja, dis interessant wat jy nou daar noem, want jy't gesê in graad 5 was daar die
- 201 insident,
- 202 K: ja,
- 203 C: Okay, so toe jy in graad 1,2 en 3 was daar niks
- 204 K: Okay, niks nie, fine. Ek het baie partytjies gehad en almal was by my huis en al 2
- 205 ma's was by die huis, so, uhm, ja
- 206
- 207 C: En is daar vir jou 'n verskil van die laerskool na hoërskool
- 208 K: Ek dink verskillende skole maak dit anderster, okay want, [REDACTED]
- 209 (laerskool) was, jy weet, die local skool hierso, was fine tot daai insident en toe
- 210 was dit weer fine. En toe gaan ek Rodcrest College toe, en daar was nie juis
- 211 probleme nie, want weet almal is soos in oop en openminded want daar's
- 212 verskillende uhm, religions, soos in Muslims, en soos in, uhm
- 213 C: Internasionaal amper
- 214 K: Ja, verskillende kinders, soos in as hulle ouers soos in van oorsee kom en in
- 215 Suid-Afrika bly daan gaan hulle gewoonlik Rodcrest College toe en daai mense
- 216 het gewoonlik baie geld, uhm, en omdat dit ook 'n privaatskool is, soos, ja, so dit
- 217 was lekker daar. Maar Festive school, dis bietjie moeiliker daar, uhm, baie, soos
- 218 in, jy weet, ek glo ook in die Here en alles maar ek's meer spiritual as wat ek,
- 219 maar Festive school is soos in Christen, jy moet 'n Christen wees en bid drie

220 keer 'n dag en soos in, jy weet, in oggende open en Bybel en alles, en ek gee nie
221 om daarvoor nie maar hulle is soos in heavy daaroor en nie baie openminded
222 met ander godsdienste nie, hulle glo net in Christelike...
223 C: Waardes
224 K: Ja, soos dit maak dit ook daar moeiliker omdat dit daar in die Bybel staan dat dit
225 verkeerd is en alles, uhm, ja, ek bedoel, ek dink, met die kinders is dit eintlik okay
226 , maar dis met die ouers, soos in, my een vriendin, uhm, eers sy was fyn
227 daarmee, maar sy't toe ook vir haar ouers gesê van my ouers en toe kon sy nou
228 nie eintlik by my huis kom slaap het nie, jy weet, ek kon by hulle huis gaan slaap
229 het maar sy kon nie by my kom slaap het nie en jy weet soos, uhm
230 C: En wat het sy vir jou gesê
231 K: Mens kon dit eintlik agterkom jy weet sy't uhm sy't soos in excuses, hele tyd 'n
232 ding dat sy nie kan kom nie, en dan weet ek, jy kom dit agter
233 C: Het jy vir haar gesê, luister ek dink dis dit, of het jy dit gelos?
234 K: Uhm, toe gaan ek uit die skool uit, toe... nooit weer iets van haar gehoor nie
235 C: Wanneer was jy in Rodcrest College
236 K: Standerd 3,4 en 5
237 C: O, okay, dis 'n interessante skool
238 K: Maar dis 'n baie lekker skool
239 C: Uuhm, het jy ander pelle wie se ouers gay is
240 K: Een van my ma-hulle se vriendinne nie, né, haar partner was, ken jy vir C [redacted],
241 okay, met hulle ...imm, maar nie my skoolvriende nie
242
243 [mense interrupt – praat oor hond se besering – Erid kom weer terug/ by]
244

- 1 **Kashni session 2; 27 Nov 2003**
2 *Lifelines: content specifically related to topic*
3 C: Jy het laas keer gesê daar is 'n groot verskil in die vibe tussen Festive School en
4 Rodcrest College, veral nou die issue dat jou ouers gay is?
5 K: Ja, Festive school is freaking konserwatief, regtig, dis erg, sug, ek het vir tannie
6 vertel van die biddery en so en dat alles van die Here afkom. Ek gee nie om
7 daarvoor maar hulle moet nie hele tyd half en hulle is rassisties. En dit irriteer my
8 C: Dis sleg
9 K: Jis, dit irriteer my en meeste van die kinders is so, wat het dit nou.. dis mos nou
10 nie reg nie toe eendag toe kon ek dit nie meer hou nie toe se ek luister hier as
11 julle so wil praat, dan praat julle nou nie voor my so nie, ja, eintlik ja, en dis nou
12 eintlik, ja, dis oor en verby. Maar dis eintlik die ouers...En hulle is baie...En
13 Rodcrest College is glad nie rassisties nie, daar's Muslims.. jews, swartes
14 C: En dis die ergste vir jou – jy kom uit so kosmopolitaanse, so mixed, hulle sien nie
15 eers meer ras nie
16 K: Ja
17 C: Dit was seker nogal 'n Kultuurskok by Festive school, wat het jy daardie die
18 eerste week gedink?
19 K: Erg. Ja, en ek bedoel soos in ons het soos daar by die busstop gestaan, en toe
20 loop 'n swarte , uhm ja, die man was swart en die vrou wit, maar hulle is saam en
21 getroud. En almal oe en jis en jy. En Rodcrest College, ons laerskoolkinders, ons
22 gaan met 'n swart ou uit of
23 C: Dit gaan oor die mens
24 K: Hulle is net woes erg
25 C: Dis bad
26 K: En nou, as as hulle so erg is oor jou ras, wat moet ek nou vir hulle sê dat my
27 ouers gay is
28 C: Exactly
29 K: En dan kyk ek hulle so en jissie, en uhm, wil ek met een van hierdie kinders
30 vriende wees as hulle so is
31 C: Uhuh – is hier ooit plek vir my.. Is dit soos hulle moet net nie uitvind nie
32 K: Uhm, ek sê net nie iets nie
33 C: Dis seker bad, dat mense nasty kan wees daaroor
34 K: Ek praat nie, ek hang nou nie juis met daardie mense uit nie, ek pick my vriende
35 C: Mens moet seker nogal fyn kyk
36 K: lhm
37 C: Ek dink jy't 'n incredible intuïsie en is 'n fyn waarnemer van body language. Was
38 jy al verkeerd? Dat jy gedink het iemand sal baie cool wees daaroor, en dan was
39 dit nie of andersom?
40 K: Daar was seker een meisie, maar die res, ja, is okay, hulle weet nou
41 Honde: 1 van SPCA, bang vir skoene, ens
42 Huis nog nie klaar nie – dak nog nie opgesit nie
43 Musiek – 150 musiekterme; harmonie – graad 3
44 Nie aangaan met Musiek in Plett, eerder Rek, nie Kuns – moet privaatklasse neem
45 Journal – en lêer wat ek haar gegee het;
46 [e-mail, scanner en copier – om vir my info te stuur volgende jaar]
47 Life-line
48 Geboorte
49 Sy's 'n morning person – party mense sê dan's jy in oggend gebore
50 K: Het tannie van hoërskool gehou?
51 K: Ek weet nie baie van my 'vorige lewe' nie
52 C: Dis okay, wat seker ook 'n storie is
53 C: Is dit vir jou okay om daaroor te praat?
54 K: Oor wat?
55 C: Oordat jy aangeneem is?

- 56 K: Nee
 57 C: Anders kan jy maak of jou pad 'n gat in geval het
 58 Vertel van maatjie wat aangenaam uitgespreek het as aangeneem en verwarring
 59 daarrondom (13:57) – toe hulle nog klein was
 60 [maat kom in wat mekaar al van laerskool af ken]
 61 sussie se boetie en Erid ook al solank maats
 62 maak omverskoning dat hulle vroeg gekom het]
 63 K: Meer soet in die laerskool
 64 C: Wat is stout?
 65 K: Ek praat verskriklik baie, ek gee net my opinie vir die juffrouens en party hou niks
 66 daarvan nie
 67 Ek's altyd die eerste een wat hulle ken
 68 Vra oor my ouers, waar hulle bly..
 69 Vir 7 weke deur Afrika getoer – Zimbabwe, Malawi, Kenia, Tanzanie, Uganda – nie
 70 Namibie
 71 2,3 jr terug Namibie toe, gaan deur Botswana
 72 Haar en Erid se bakleiery gaan oor wie voor sit in die kar
 73 Hoe besluit op Festive school
 74 Kies tussen ██████████ (skool) en Festive school
 75 ██████████ (skool) vir haar meer attitude gehad, meer van opedag van Festive school
 76 gehad
 77 Ma Z ook in Festive school
 78 Die uniform het niks verander nie, lyk presies dieselfde
 79 Praat oor ██████████ (skool) en kinders se behepthed met geld en designer-klere
 80 Hoeveel geld jy het, watter kar jy ry, watter klere jy dra
 81 Omdat dit nie my pla nie dan pla dit ook nie my vriende nie
 82 As ek dit graag wil hê dan spaar ek daarvoor, dan's dit my geld
 83 Anders as kind net vir ma sê ek wil net dit hê en hulle kry dit
 84 Ek hou baie van perde
 85 Wat doen julle vir Kersfees?
 86 Lekker ontbyt – maak geskenke oop
 87 Familie by nuwe huis
 88 Ma A is 5 kinders
 89 Ma Z het darem net 1 sussie
 90 Dis woens
 91 Ek het 'n niggie, 10 – sy's baie mature so ons kuier lekker
 92 Haar boetie is 14, ek kom oor die weg met almal
 93 Jonger enetjie,5, kan nogal erg wees, ook enigste kind, sy's baie bederf, mal oor my
 94 ma en my ma oor haar – ek haat dit as sy vakansies daar is, want sy hoef niks te
 95 doen nie
 96 Maar sy't darem nou so bietjie beter geword
 97 4 katte en 5 honde, mens moet wakker sit in hd huis
 98 Thanks for sharing
 99 Ek sal tannie seker weer sien
 100 Ek dink so....

- 1 **Kashni Session 3**
- 2 3 December 2003 (Kashni)
- 3 Nie getape
- 4 Ek vra haar oor of sy dink dat ek met ander kinders eers net gewoon moet gesels
- 5 voor ek met meer presiese indringende vrae vorendag kom; en of sy dink dat die
- 6 kinders weet waarom is ek daar en daardie vrae uit die weg wil ruim.
- 7 Sy antwoord dat dit vir haar om't ewe is, iets van
- 8 "kyk hier, ek het 'n ma wat 'n [REDACTED] (beroep) is, so ek is gewoond aan reguit vrae..
- 9 sy vra my alles reguit.."
- 10 Sy sê wel dat sy dink eers gewone vrae is tog dalk beter, want sy voel dat sy my
- 11 nou eers begin ken. Ek skryf in my process notes, " Kashni sê sy dink eers leer
- 12 ken is dalk beter, dis nicer sê sy".
- 13 Ons praat oor eksamen, huis in P [REDACTED] wat nog nie klaar is nie. Ek vra haar of sy
- 14 enige iets wil byvoeg of vra oor ons gesprekke maar sy sê nee, dis fine.
- 15 Haar maat is daar en ek wil op Erid fokus, so ek het nie verder ingevra nie. Nou in
- 16 hindsight besef ek, ek was nog te subjektief betrokke en te onseker oor die
- 17 proses. Ek het ook nog nie weer na die transkripsies teruggegaan en fyn gaan
- 18 kyk watter clues het ek gemis nie. Ek was ook tevrede met van die quotes wat sy
- 19 aan my meegedeel het, en ek dink op daardie stadium het ek gehoop en vertrou
- 20 dt ons e-pos korrespondensie sal hê...
- 21 Ons eet lekker roomys en Erid het 4 maats daar wat kuier. Hy "boss" hulle nogal
- 22 rond, sê watse roomys hulle kan kry; sê met watter speelgoed hulle nie mag
- 23 speel nie (sekere gewere, maar ander in een boks nie).
- 24 Ek skryf in my process notes dat hy daarvan hou om geinterview te word, maar hy
- 25 praat min , en hy sê dit self – en ek mis dit om hom op sy gerus te stel en te sê
- 26 dis okay, maar tog 'n bietjie verder te probe...(of te probeer en te kyk of hy met
- 27 nuwe goed uitkom). Ek dink wel dat as ek nog met hom kan praat sal dit
- 28 waardevol wees, want daardie tyd het ek ook gedink ek gaan net Kashni se
- 29 onderhoude gebruik.
- 30 Dit was baie besig by hulle gewees daardie dag. Beide ma's was daar, en hulle was
- 31 baie geoccupy met die trekkery. Dinge het dol gegaan daardie dag, en ek het 'n
- 32 rustige tranquil vibe gemis. Hulle huis is definitief te energeties vir dit, maar ja, dit
- 33 het hectic gegaan en ek kon agterkom of dis hoe dit gevoel het, dat die
- 34 trekproses hulle pla – die feit dat die huis nog nie klaar is nie en dat so min goed
- 35 gepak is.

- 1 **Kim Session 1**
2 Kim, Elina's daughter (14:30 - 24 Maart 2004)
3 Gesels lekker vooraf
4 Ouboet nie opgedaag vir ma se koffie-afspraak nie
5 Baie van die gesprek inhoud wentel rondom ouer broer, verskil jaar of wat ek dink...
6 Praat oor ma wat vir haar bloese kop, smaak redelik, sy leer
7 Praat oor Desemberavakansie – lekker weggebreek vir 3 dae – loop rond en shop
8 saam – eerlike verhouding ma en dogter
9 Praat mooi met ma oor pa, sal sy kant probeer stel, Elina luister
10 Trots op dogter – Kim swat Kommunikasiebestuur
11 Nog nie lisensie – werk by Dros, ma rondry
12 London – verpleeg - skoolstelsel
13 Sal nie in straat afloop met sigaret nie... oor opmerkings oor broer se meisie
14 Broer groot frustrasie vir hulle albei
15
16 Vertel van ma se vriende wat by Dros gekuier het, en een van hulle is baie
17 "opsigtelik" butch – en toe van die ander waiters opmerkings maak, het sy hulle
18 teruggekap..
19
20 Ek gee agtergrond oor my studie:
21 C: Ek kyk na kinders se ervarings, imm children's experiences, imm, as hulle gay
22 ouers het... experiences is nogal 'n moeilike woord want dit omvat alles, hoe jy
23 voel, hoe jy dink, daai inner voice, daai binne-gesprek, en wat vir my nice is, is
24 dat jy ouer is en kan terugdink ... dat jy nie meer jonk is nie waar dinge dalk nou
25 met jou gebeur, wat vir my nice is dat jy kan terugkyk en sê op daai ouderdom
26 het dit gebeur of was daar iets
27
28 K: En dis nogal interessant omdat ons twee kinders is want my broer is nogsteeds
29 die donner in oor die storie is en hy kan nogsteeds nie my ma aanvaar nie en
30 weet ma hy bly ma, dis my ma se skuld dat hy uitgedraai het soos wat hy is
31 C: Okay
32 K: En ag, ek sal my ma nie op enige ander manier verkies nie, en dis nou my point
33 of view, imm, en my broer, verstaan, ag, dis heeltemal anders
34 C: Dit sou nice gewees het as mens sy dele ook kan inbring, dit sou ideaal gewees
35 het as ek met hom ook kon praat
36 K: Ja
37 E: Hy sal ook nie eers teenoor jou afpak nie
38 K: Nee hy's nog altyd dan, soos hy nou met my praat, hy't mos so vir ma ook
39 eenkeer gesê né, hy't vir my ma gesê nee sy's sy vriendin, toe ons op die plaas
40 was, sê hy vir my gaan kry vir daai ma van jou 'n stoel; ek sal hom met 'n plank
41 slaan, en hy't altyd
42 E: Wanneer was dit, was dit nou, Desember?
43 K: Nou toe ons op die plaas was, en toe, imm, toe gaan, toe my ma hier kom bly
44 het, toe bly sy nou by my pa vir die eerste keer en dan bel ek my ma so nou en
45 dan, jy weet sy't altyd uitgefit omdat ons haar nooit baie gebel het nie, maar ons
46 het nooit my pa ook baie gebel nie verstaan? Ons was baie gewoon daaraan
47 om haar rondom ons te hê. En hy't haar nooit gebel nie en dan as my ma by my
48 kom dan is sy so sad omdat hy haar nie gebel het nie en dan kom ek by die huis
49 en dan vreet ek hom uit van 'n kant af en dan 'ek wil haar nie bel nie' en 'tirrr' dan
50 gaan hy aan en anyway, hy maak altyd sy probleme erger as ander s'n. en,
51 E: Ag ek weet nie
52 K: Hy sal, hy's een van daai mense wat 'n ongelooflike f-op sal uitdraai en hy sal
53 alles maar alles, elke liewe dingetjie blame op iemand anders
54 C: Anders

- 55 K: Dis omdat sy dit gedoen het, dit is omdat ek dit nou doen
 56 C: Imm
 57 K: En dat sy gay is, honestly, enige persoon wat so dink moet 'n klap kry. Sug, Kyk
 58 dit was moeilik gewees op 'n stadium. En ek het gehoor mammie sê nou-nou net,
 59 iets oor my relationships, julle sê mos ouers weet alles, né, imm, toe ek begin
 60 rook het, ag ..pa was by toe ek my eerste trek gevat het maar hy het eers twee
 61 jaar na die tyd vir my gesê jy kan nou eers begin rook, verstaan, ouers weet alles
 62 wat hulle kinders aanvang en alles en alles, ma't mos gesê ons het nie voor die
 63 tyd geweet nie, maar kinders weet net so meer alles van hulle ouers af (lag). Ja,
 64 baie kwaad vir ma. En toe daai koerantberig uitkom toe, toe's dit...toe's dit nou,
 65 wat nou, by die skool het ek ongelooflike baie strooi gehad en my broer het niks
 66 gehad nie want hy's mos 'n seun, en toe issue hulle hom nog nie, maar dit was
 67 hoekom ek Festive School toe is in hierdie situasie
 68 E (Ma interrupt): ek dink nie hy hy het nie strooi gehad nie, hy hy't nog nooit daaroor
 69 gepraat nie.
 70 K: Hy het nie, ek was mos saam met hom standerd vyf, standerd ses, toe was
 71 ons...nie saam nie, ek bedoel, ons was toe nog goeie vriende gewees, want tot
 72 en met standerd 9, toe my broer standerd nege was was ek en hy baie baie
 73 goeie vriende gewees en toe begin hy te veel dagga rook en "hirr-hirr" en wat ...
 74 en toe besluit ek nee wat, ek skuif alle lelike goed uit my lewe uit, as far as
 75 possible. Ja en imm ja toe was ons baie jy weet, so gewees. En toe's hy al in
 76 Festive School gewees so toe die k*!@ die fan gestrike het, nou bejammer ek
 77 myself, né dis alles (wys so asof sy iets opblaas en sê "bhoë") in die koerant
 78 gewees, dit was in die koerant gewees en almal is soos, jy weet en Alene, die
 79 arme kind, sy was, ek weet nie wat nie... sy's die eerlikste mens wat ek ken. Sy't
 80 nie eers geweet van die ding nie, twee maande na die tyd toe kom Lilly na haar
 81 toe, hoor hierso, is jy nie bang om na Kim se huis toe te gaan nie, en Alene soos
 82 in hoekom, want Kim se ma is so en so, is nie man, jy lieg. En toe vra Alene my
 83 daaroor en toe sê ek ek gaan nie vir jou lieg nie, maar dit is so. En weet jy sy't nie
 84 gechange nie, sy't nie, sy's een van die dierbaarste mense en sy ken als van my,
 85 van hier, hmm tot daar
 86 E: Jy kan nie als met haar bespreek nie
 87 K: Ja, maar met wie anders moet ek dit bspreek?
 88 E: Jy kan dit met my kom bespreek as jy wil
 89 K: Imm
 90 C: Van hier tot daar, jy't my nou baie nuuskierig
 91 K: En ja sy weet van alles en die res van die mense, ek weet nie, ek sal ek sal, nog
 92 steeds nie vir almal.. gaan .. sê nou maar Mary kom kuier hier en Ann kom tel my
 93 op en sy vra vir my wie's dit, ek gaan nie vir haar sê dis my ma se girlfiend nie, ek
 94 sê dis my ma se vriendin, verstaan, want ek weet nie hoe my ma voel daaroor of
 95 sy wil hê dat almal moet weet nie, en frankly ek wil nie hê dat almal moet weet
 96 nie, verstaan dis nie van oe, dit gebeur met my nie. Dis 'n persoonlike ding, (E:
 97 dis persoonlik), jy weet nie almal hoef te weet nie en as hulle nou weet dan's dit
 98 maar nou net so what. Want Jo, een van my vriende by die Technikon, dis vir
 99 hom verskriklik moeilik om te sê hy's gay, maar weet jy, jy kan hom so sien van
 100 die kant af, so, (wys flap-handbewegings), maar hy's adorable en net om hom so
 101 bietjie te laat disclose toe sê ek vir hom luister my ma is ook gay so jy weet,
 102 moenie dink ek gaan jou stenig of iets of jou by die kerk aangee nie, so, jy weet,
 103 vir hom het ek gesê en vir P [redacted] het ek gesê (wie's P [redacted]) en nog so ander ene,
 104 maar dit was ook so deel van 'n conversation gewees
 105 E: Was hy ook daar
 106 K: Hy?
 107 E: Waar's hy?
 108 K: Ook by die technikon, baie baie goeie outjie. Hy is net een van die's wat
 109 ongelukkig femme is, hy is nie gay nie, hy's net baie femme

- 110 Al 3 praat gelyk
- 111 C: En die gesprek, hoe't dit gebeur?
- 112 E: Weet jy, ons het in Barchello's gesit, toe, ek kan nie regtig onthou nie, dit was,
- 113 ons het gepraat oor sy families iewerster langs, toe praat ons oor een van [REDACTED] se,
- 114 dis nou 'n ander outjie, nou hy's ook gay en sy suster is gay ook en toe praat ons
- 115 van sy familie en hulle families wat bietjie bymekaar gekuier het en alles en toe
- 116 praat ons so en toe sê ek vir hom, ja, wow, alles kom daarop neer is, imm, yes,
- 117 ek is ook net 'n klein bietjie gewoond aan dit (fluister), ja, so dit is omtrent die
- 118 enigstes wat ek vertel het. Jane weet nie en sy't ook nie nodig om te weet nie,
- 119 verstaan, as mense my kom straightforward vra luister hier, ek het dit en dit en dit
- 120 gesien, is jou ma gay (heftige stem)? .. (stilte) ja (saggies), jy weet so as jy so my
- 121 gaan aanval dan gaan ek jou eerstens 'n klap gee, en tweedens, dis al . (skud
- 122 kop soos ja). En in elk geval het ek nie 'n issue as mense dit weet, wat nie vir my
- 123 saak maak nie. Verstaan as hier nou 'n Boesman langs die straat kom afstap "is
- 124 jou ma gay, ja, gaan verby", maar verstaan mense wat in die omtrek is en aan
- 125 ons raak en wat, verlangse vriende, verlangse familie, kennisse,
- 126 warrawarrawarra, hulle hoef nie almal te weet nie, want dit is 'n persoonlike ding
- 127 om hierdie, in ons ou wêreldjie, hulle kan aangaan, ja, ja. En my broer is, wil net
- 128 glad daarvan hoor nie, glad nie weet daarvan nie, hy lewe in sy eie wêreld waar
- 129 hy die slimste een op aarde is, ..
- 130 (Ma en sy praat gelyk)
- 131 C: Okay, vat my bietjie terug na die koerantstorie toe, ek weet nie of jy lus is om dit
- 132 weer te revisit nie (rig na Elina), maar vertel dalk vanuit jou perspektief (rig op
- 133 Kim), het niemand by die skool geweet nie?
- 134 K: Niemand, niemand niemand ek en my broer was so vir onself gehou. Nee ek
- 135 was in standerd 5, en my broer was toe uit die skool uit, ek bedoel nie uit die
- 136 skool uit nie, uit die laerskool uit. Toe kom die rapport uit, sjoe, toe vra my ma my
- 137 moet ek jou nie uit die skool uithaal nie. Toe sê ek, dit was iewers rondom die
- 138 middel van die jaar gewees en toe dog ek by myself, weet jy nie, dit is nou so en,
- 139 weet jy, ek gaan nou regtig nie uit die skool uitgaan in die middel van die jaar nie
- 140 net omdat hierdie storie en frankly ek het nie gedink dit gaan so aandag trek nie.
- 141 En jy weet hoe's die kleintjies, iets vir almal om oor te praat, want ek was mos toe
- 142 nog in die laerskool gewees. En ja, toe's almal soos in jy gaan soos jou ma word
- 143 en dit is hierdie on..., hierdie, sondige Satanskind, verstaan en ja, en almal, maar
- 144 dis okay, ek's daardeur
- 145 C: Was dit oor jou naam in die koerant was of het hulle jou ma geken?
- 146 K: Naam, adres, foto
- 147 C: Kan jy nog onthou toe jy by die skool uitkom
- 148 K: Weet jy, al wat ek kan onthou is Peter wat vir my in die Geskiedenis klas vir my
- 149 gesê het jou ma' s mos gay, en sy is so en so en so en wat, jy gaan soos sy word
- 150 weet en jy moet net nie met ander mense praat nie, want net nou maak jy
- 151 vriende of wat, en ek kan nie onthou wat ek vir hom gesê het nie, toe tel ek 'n
- 152 stoel op en toe slaan ek hom amper met die stoel, maar ek het nie, ek het hom
- 153 so getap op die enkel, ek het met fors die stoel opgetel en toe stop ek so in die
- 154 helfte toe slat ek hom net so hier onder sy been, los my uit los my uit. Daarvoor
- 155 was ek vir ma baie baie kwaad gewees, want toe weet almal en dit was net so
- 156 hoe, kan jy dit aan my doen, weet ma hoe kan jy, jy het nog altyd boyfriends
- 157 gehad, jy't met pa getrou, as jy gay is moes jy nie kinders gehad het nie(verhef
- 158 stem), dit was my siening, ek was baie baie kwaad vir haar vir baie lank gewees.
- 159 En toe in standerd agt, maar ek het dit nooit vir haar gewys nie, nooit nie, ek is
- 160 nog altyd soos even met close family, ek sal nie na my broer toe gaan tensy hy
- 161 rerig rerig strooi aanjaag nie en vir hom kan sê hoor hier, ek... Wat ek nou vir jou
- 162 gesê het sal ek nie vir my broer sê nie, want ek is rerig te bang vir hom, omdat dit
- 163 sulke close family is.
- 164 C: Imm

- 165 Die goeters wat ek vir my ma sê van my pa sal ek nie vir my pa kan sê nie, maar
 166 weet mense, obviously byt dit aan mense, en as ek vir jou kwaad is sal ek vir jou
 167 sê ek's kwaad vir jou, maar nie vir my pelle nie. En toe in standerd agt toe gaan
 168 ek op 'n seminaar, toe gaan ek eers hoekom ek, hoekom hoekom hoekom. Weet,
 169 dis my ma en alles. Toe kom dit nou, toe clear ek dit nou op
- 170 C: Is dit ma wat so gesê het of het jy dit gewonder (ek dog sy wonder hoekom is sy
 171 gekies vir die seminaar – sy bedoel sy't deur haar issues gewerk)
- 172 K: Ek het dit gewonder, hoekom ek, hoekom nie almal nie, hoekom ek
- 173 C: Watse tipe seminaar
- 174 K: Dis 'n christelike seminaar vir kinders wat probleme het, daar's verskillende
 175 ouderdomme, maar dis baie nice, daar is mense wat jou help, deur jou probleme.
 176 Die volgende ding was om vir my ma en daai ... uitskeisel van 'n vroumens te
 177 vergewe, ja dit was ook moeilik gewees maar dit het ook gebeur en weet jy van
 178 daar af is dit soos 'n ding van my skouers af is. Ek kan met my ma praat wanneer
 179 ek wil, en niks wegsteek nou nie, so dit was nogal nice. Maar, wat ek op daai
 180 kamp geleer het is om te vergewe en te vergeet, en te maak asof niks gebeur
 181 het. Sjoue (fluit-sug), daai Linda vroumens....
- 182 E: Ja dis sy wat die oorsaak was dat die koerante
- 183 C: O ja-ja
- 184 E: 'n Baie slegte ondervinding gewees, dit was, jy weet net voor dit, toe eendag lop
 185 ek net so drie huise bokant ons in die straat bly daar 'n familie, en toe staan hy,
 186 C [redacted] met sy fiets daar verby, en toe bly staan en kyk hy vir die seuntjie, wat
 187 was sy naam, kan nou nie dink nie, maar toe staan hy buite in die straat, en die
 188 pa is binne in, en gesuip, en hy wil hulle skiet. Maar die niceste ou as hy nugter
 189 is, hy was 'n rekkie gewees, sy vrou ook. Maar sodra die alkohol in is dan spring
 190 hulle aanmekaar. En 'n, toe kom C [redacted] daar en sê mamma, Tannie P en
 191 Oom M is besig om the fight en hy wil hulle skiet. En toe sê ek C [redacted], sien jy,
 192 omdat die gemeenskap wil hê 'n ma en 'n, 'n man en 'n vrou moet saam bly, né,
 193 met kinders, as so iets gebeur dan sê die gemeenskap niks nie, maar dat ons,
 194 ons vier het saamgebly, ek en H [redacted] en die twee kinders, hulle was mal oor
 195 H [redacted], saam het ons gaan vakansie hou en rerig. C [redacted] was al ouer, en het
 196 bietjie 'n probleem gehad. Hy't in standerd ses toe hy in Festive School was vir
 197 my 'n briefie geskryf en gesê ons kan nogsteeds met H [redacted] vriende wees maar
 198 sy moenie saam met ons bly nie. Maar hy't nooit iets gepraat nie. Toe sê ek vir
 199 hom daai aand, sien jy, oor die gemeenskap van ons verwag dat 'n man en 'n
 200 vrou bymekaar moet bly en dan wanneer ons vier bymekaar bly en ons kom niks
 201 kort nie, niks, niks, ons bly lekker saam en ons eet lekker saam en ons het 'n dak
 202 oor ons koppe, so wat wil ons meer wees. Want hy't saam met ons kerk to
 203 gegaan en alles, wat vir C [redacted] traumaties was die eerste keer toe hy besef
 204 ons is in 'n gay kerk, by Deo Gloria, hy't opgespring en uitgeloop en ek het
 205 agterna geloop en toe later weer kom sit en toe later is hy net so gemaklik met
 206 die kerk en elke aand na kerk het ons koffie gedrink en het hulle volley ball
 207 gespeel en so aan. Toe's hy voorbok met die spelery en hy't vriende geword met
 208 Linda se seun, wat was sy naam?
- 209 K: B [redacted], sy naam was B [redacted],
- 210 E: So't B [redacted] saam met ons gery en saam gaan visvang en so, want C [redacted] en
 211 H [redacted] en B [redacted] het so lekker saam visgevang
- 212 C: Lekker
- 213 E: Jy weet, so toe was hy heeltemal gemaklik gewees en want, ja, ons het, hy was
 214 in Festive School en toe't hy vir my gesê hoe is ek net 'n vriendin vir hom en dit
 215 maak my kwaad want hierdie vriendin is net goed as hy geld kort en dit my
 216 kwaad, want hy het vir my R8 000 gekos net om hom in Engeland te kry en 'n
 217 Engeland self het hy my 'n verder 500 pond gekos, bo en behalwe dat ek kos
 218 gekoop het, hy't nooit 'n ete betaal nie... (praat verder oor Engeland se ervaringe
 219 – beste van R18 000 rand gekos....

- 220 K: as jy kyk hoe hy en my ma praat jy kan dit duidelik op sy gesig sien, hy't hierdie
221 hierdie kyk op sy gesig wat ek nie vir jou kan beskryf nie
222 E: praat hoe hy haar nie soengroet en hoe hy nou weer by haar wil kom bly....
223
224 Praat verder oor broer/ seun. Elina en Kim praat oor sy meisie, hoe hy net dagga
225 rook, pa ook niks met hom kan uitrig nie, rigtingloos...hy wil nie admit dat hy 'n
226 probleem het nie
227
228 Einde

- 1 **Kim session 2**
- 2 Intro oor toestemming tot opname:
- 3 C: Dit gaan oor jou "voice" nie myne nie.
- 4 K: Okay
- 5 C: So ons los hom sommer "so try to forget about it"
- 6 K: Ek dink nie enige mens sal van jou verwag om 'n uur se gesprek te onthou nie
- 7 C: Weet jy mens onthou nog al
- 8 K: Ja maar
- 9 C: Fyn detail
- 10 K: Ja wat belangrik is wat mens kan onthou
- 11 C: Wat jy dalk bedoel en regtig wil benadruk
- 12 K: Ja
- 13 C: Omdat dit die eerste keer is wat ek dit hoor tel jy dit nie sommer op nie waar as jy
- 14 dit na die tyd luister ...
- 15 K: Ja, ha-ha-ha. Dan het jy 'n hele "misperception" oor hierdie storie gehad.
- 16 C: Ja, dit is "kind of crucial"
- 17 K: Ja
- 18 C: Dit kan 'n verskil maak in die hele interpretasie
- 19 C: Ek wil uh, hoor of jy enige "comments" het oor laas week.
- 20 K: Laas week
- 21 C: Ja of jy aan iets begin dink het of wonder oor wat nou gaan gebeur en wat is jou
- 22 rol okay,
- 23 K: Nee [Giggel]
- 24 C: Oraait het jy, mmm, wanneer het ma hulle geskei? Ma en Pa.
- 25 K: Weet jy.
- 26 C: Want ek probeer nou dink, jy't gepraat van
- 27 K: Mmm, ek gaan vir jou lieg as ek vir jou sê ek gaan vir jou verseker, ek weet nie
- 28 mooi wanneer. Ek dink dit was toe ek vier of vyf, ses daar rond, ons was baie
- 29 klein gewees. Dit was die effek van "baai Pa, sien jou eers oor twee weke vir die
- 30 res van my lewe". Dit was nie regtig 'n "issue" van huil of trane, of ek dink nie so
- 31 nie. Weet ek kan nie regtig onthou nie.
- 32 C: Ja
- 33 K: So
- 34 C: So jy was elke tweede naweek by hom
- 35 K: Ja, nee hy het altyd elke tweede week van Botswana hierdie kant toe gery.
- 36 C: Nee, okay
- 37 K: Ja, en dit was wat so "damn confusing" was, want toe het my ma twee of drie
- 38 "boyfriends" gehad. Die een het haar half bankrot gesteel, ek dink. Die ander een
- 39 het ons beloftes...as jy 'n belofte aan 'n klein kind maak dan moet jy dit mos hou.
- 40 Hy het ons belowe hy gaan ons see toe vat en allerhande sulke goed en daar het
- 41 nooit niks daarvan gekom nie. En dit het ons gebreek.
- 42 C: Ja
- 43 K: Verstaan. Die ander een het net so heelyd gelê
- 44 C: Okay
- 45 K: Sjoë, baai, waarna toe nou? Weet. En toe ewe skielik toe sit ek daar in die huis
- 46 en ek hoor sy sê ons het nie geweet nie, ja ons het nooit geweet voor die
- 47 koerante nie. In my lewe! Ek en my broer sit daar altwee voor my ma se
- 48 kamerdeur en loer deur die sleutelgat.
- 49 C: Ah, okay, as wie daar agter die deur is?

Kim Session 2

- 2 -

- 50 K: Ek weet nie, want dan as Linda of iemand daar oorslaap, dan vat hulle 'n
51 middagslapie of iets en dan letterlik dan sit ek en hy voor die deur, dan sit ons nou
52 daar, en wat nou, jy weet dit was "completely new" gewees maar weet ek dink nie
53 een van ons het volle begrip gehad van wat aangaan het nie maar ons het geweet
54 dat iets nie lek, iets is nie dieselfde as wat dit altyd was nie.
- 55 C: Mmm
- 56 K: Maar nou ja sy het daai een ongelooflike "bitch fight" met daai Linda vroumens,
57 maar die res was "stunning" gewees. H [REDACTED], ek was vrek mal oor haar . Sy is
58 nou Kaap toe. L [REDACTED], ek is mal oor haar, M [REDACTED], hoe kan ek sê, sy is bietjie
59 skurf.
- 60 C: Ha-ha
- 61 K: Sy het so "pony" ding hier aan die agterkant
- 62 C: Ja, so 80s,mmm
- 63 K: Nee, maar sy was ook "nice" gewees. L [REDACTED] het ek met die eerste rondte 'n gly
64 in gevang; en M [REDACTED], ek sal, ek's mal oor daai vroumens
- 65 C: Oraait, dit is lekker baie vrouens.
- 66 K: Ja, ha-ha-ha. Baie mense om na my te kyk.
- 67 C: Okay wanneer het die bom gebars, met Hestie?
- 68 K: Linda
- 69 C: Met Linda
- 70 K: Ja
- 71 C: Was dit die eerste "lover" of "partner"?
- 72 K: Ek dink so...ja,ja, ja
- 73 C: Okay so dit is die eerste
- 74 K: Ja, die eerste waarvan ons geweet het.
- 75 C: So dit is die eerste "affair" waar julle agter die deur gesit het en gehoor het
76 "something is cooking". Julle het nooit "heavy gechat" daaroor nie?
- 77 K: Glad nie.
- 78 C: Jy en jou boetie
- 79 K: Ons het geweet dit gaan aan, maar ons het dit nooit gesê nie. Nooit nie
- 80 C: So as jy self sê, jy het dit self agter gekom.
- 81 K: Ja, nee, dit was nie, ek kon nie vir hom gesê het, jy weet wat, dit gaan nou aan
82 nie.
- 83 C: Aaa
- 84 K: Ons altwee het net soos...ons het eenkeer, my ma, weet jy ek dink my ma het 'n
85 oorval gekry, ons het eenkeer, toe pyn my maag, né, nou baie sulke klein
86 dingetjies het, dink ek het my ma verkeerd gedoen. Soos dan pyn my maag, soos
87 rêrig en dan klop ek aan haar deur en dan sê ek vir haar ma my maag pyn, né,
88 dan wil geen mens, as jou ma in die kamer lê, klop aan die deur, honderd en
89 sewentig keer, "ma my maag pyn", ek is amper in trane. Slaap ma. Verstaan, dit
90 werk nie. En soos byvoorbeeld in die aand dan maak ons 'n moerse "Christmas
91 bed", né, dan wil ek en my broer langs my ma slaap, "obviously". Ons mag nie.
92 Nie een van ons mag nie. En toe een aand, besluit ek en my broer, ons sal, en
93 hoorie ek belowe jou ons het daai bed gemaak en toe daai vrou by my ma gaan
94 sit, toe storm ons op haar af. Ons sal. En ek gaan nie vir jou lieg nie, in die
95 middel van die aand toe het hulle twee opgestaan en kamer toe gegaan.
- 96 C: "No way".
- 97 K: So, dit is sulke tipe goed wat, jy weet jy tel
- 98 C: Bevestig, né
- 99 K: Nie net dit nie, dit kon bietjie gebly het.
- 100 C: O, ek verstaan, anders hanteer het

Kim Session 2

- 3 -

- 101 K: Ja en ek dink dit is oor sulke klein goedjies dat my broer my ma, nie lekker is nie.
 102 My ma het ons nie afgeskee, glad nie afgeskeep nie. Afgeskeep is heeltemal, 'n
 103 kras woord. Maar dit sulke goedjies soos die deur klop en die maag pyn en sulke
 104 goed, jy weet, baie sulke verskriklike klein goedjies. En dan gaan eet hulle uit,
 105 dan vat hulle ons nooit saam nie. En net as ons by vriende is gaan hulle uit.
- 106 C: Okay
- 107 K: Of jy weet, sulke klein goed, ek dink dit het baie aan my broer geraak.
- 108 C: Kyk ek dink vir 'n jonger kind is dit erger
- 109 K: Ja ek dink
- 110 C: Dit is al wanneer julle haar alleen gehad het vir 'n redelike lang tyd
- 111 K: Ja, mmm
- 112 C: Wanneer het dit begin gebeur, na die kêrels.
- 113 K: Ja, mmm
- 114 C: Net julle drie
- 115 K: Ja nee dit was en dit was, want vandat Linda daaraan gekom het, het ons haar
 116 nooit weer vir ons self gehad nie. Nooit nie. Sy was altyd die een wat aandag
 117 gekry het, en R■■■■ haar kind.
- 118 C: O vet, is daar nog 'n ander kind ook. Hoe oud is hy?
- 119 K: Hy, nee hy is jonk. Hy is jonger as ons. Ek dink hy was in die kleuterskool
 120 gewees. Iets in daai lyn. Die stoutste klein bliksem wat jy al in jou lewe ontmoet
 121 het. Jy wil nie, jy kan nie huis hou met daai kind nie. Ons het altyd raas gekry vir
 122 sy probleme, altyd-altyd-altyd. Dan sal hy byvoorbeeld sommer die TV begin
 123 slaan omdat hy nie wil harder nie, dan druk hy nie die regte knoppie nie dan word
 124 ons uitgevreet al is ons in die kombuis omdat ons hom nie help om die TV harder
 125 te sit nie. Weet, sulke goedjies wat nie lekker was nie. En dan het hulle altyd
 126 baklei, ek dink dit is hoekom hulle baklei het. so bietjie wat ek kan onthou is, dan
 127 kom my ma by die huis dan roep hulle vir my, vir Henk en my broer.
- 128 C: En dan wat van ...
- 129 K: Ja, en dan begin hulle baklei. Verstaan. En weet jy wat my ook afge*!* het toe ek
 130 daai koerantberig gelees het, Linda het vir die koerant gesê dat hulle het nooit
 131 baklei nie en die verhouding het so "smoothly" verloop. Toe gooi hulle haar uit, en
 132 toe gaan my ma uit in die straat soos 'n hond. Strooi. Daai vrou het half boss
 133 gegaan soos ek gehoor het, want ek was nie daar nie. Sy het blykbaar ons deur
 134 want ons het so hek gehad, maar die onderkant was glas. Sy het blykbaar daai
 135 stuk glas uitgeslaan met 'n stuk hout of iets.
- 136 C: Okay
- 137 K: En my ma het net vir haar gesê, ek weet nie, ek was nie daar nie, ek was by
 138 vriende of iewers gewees, toe sê my ma blykbaar vir haar nee, jy kan maar, dit
 139 werk nie, jy kan maar hier bly tot jy 'n ander plek het maar jy moet nou gaan
- 140 C: Is dit nadat hulle uitgemaak het, amper wat dit toe, die bom bars
- 141 K: Ja-ja, nee, verseker, toe my ma vir haar gesê het julle moet dit los toe gaan sy
 142 koerante toe.
- 143
- 144 C: So, dit is nie jou foon wat lui nie
 145 (foon lui, houtkapper op karspieëltjie)
- 146
- 147 C: Ek het jou ma lank terug eenkeer ontmoet en toe het sy die storie eenkeer vertel,
 148 maar dit is omtrent "five years, six years ago". So ek kan vaag weg recollect,
 149 maar nie
- 150 K: Ja, nee, alles het "geburst" toe my ma vir haar gesê het, luister die "stuff" gaan nie
 151 werk nie.

Kim Session 2

- 4 -

- 152 C: (praat oormekaar) Hoe sal 'n koerant nou belangstel?
 153 K: Nee dit was mos daai tyd mos was dit
 154 C: Dit was a "major" ding.
 155 K: Bestaan daar sulke mense, weet stenig hulle. Weet dit was nie soos vandag nie.
 156 Dit was vreeslik gewees. En imm, toe ja, en toe
 157 C: Okay toe die koerante nou uitvind toe dink jou ma nou dit is die eerste keer wat
 158 julle iets "click"?
 159 K: Ja, en ek het haar maar so laat dink. Verstaan. Die eerste keer wat ek uitgevind
 160 het
 161 C: Nou hoe het sy dit "explain" dat die vrou in die huis bly nou, of was julle nie 'n
 162 "family" nie. Het julle nie onder een dak gebly nie?
 163 K: Nee, weet jy ek kan nie rêrig onthou hoe my ma dit, sy het net altyd gesê my
 164 vriendin bly hierso of "what ever".
 165 C: O, okay
 166 K: En
 167 C: Dit is niks van hierdie is nou...
 168 K: Nee
 169 C: Soos hierdie is nou julle tweede ma of..
 170 K: Nee-nee-nee
 171 C: "Of what ever"
 172 K: Nee-nee, aaa, nee, toe H■■-hulle nou kom na die koerantberig. toe nou kom na
 173 die koerantberig, toe is dit 'n ander storie.
 174 C: Okay, nou verstaan ek beter, oraaait.
 175 K: Ja, ons was "completely" oningelig
 176 C: Ek kan verstaan van daai tyd.
 177 K: Ons het nie geweet wanneer sy kom en wanneer sy gaan nie en wanneer sy gaan
 178 bly want partykeer bly sy vir 'n maand, en toe ewe skielik toe bly sy net by ons,
 179 okay, weet dit is my ma se huis ons kan nou rêrig niks sê nie. En soos, ja ek weet
 180 nie. En ek dink dit is nog 'n ding wat aan my broer gevat het want hy "like" dit om
 181 "on top van things" te wees.
 182 C: Okay
 183 K: En...my ma het altyd alles, sjoe, onder deur
 184 C: Mmm,
 185 K: Onder deur, nooit "up front" todat dit die koerant bereik het nie. Eerste keer wat
 186 ek dit uitgevind het, het ek nie rêrig geweet hoe om dit te hanteer nie, mmm, ons
 187 was in standerd vier gewees, né, toe gaan ons mmm, Franshoek toe
 188 C: Mmm, daar in die Kaap.
 189 K: Ja, ja een van haar doktersvriende se huise, en ek en my broer kom van die
 190 strand af en my ma-hulle het by die huis gebly en ek gaan hulle nou "surprise", jy
 191 weet hulle skrik maak
 192 C: Mmm-mmm, en toe
 193 K: En alles...en ek stap so saggies in die huis in en alles en daar lê hulle op die
 194 bank. Ek sweer vir jou ek het seker vir 'n minuut so gestaan om te "recollect" wat
 195 te moer gaan hiervoor my aan want ek het dit nog nooit in my lewe gesien nie, dit
 196 is my ma daai. En (giggel), ek weet nie, jy weet, en toe draai ek net om en toe
 197 gaan staan ek by die voordeur en toe skreeu ek "ek is hierso".[giggle]
 198 C: Shame, ag Kim.
 199 K: Jissie, so dit was bietjie erg gewees
 200 C: Ja
 201 K: En dit is hoe ek uitgevind het. En toe weet ek nou "obviously". En ek het nie eers
 202 vir my broer gesê ek het so uitgevind nie, toe ek so standerd nege was, nee

- 203 standerd agt. Ek het dit baie stil gehou en ek wil dit nie rêrig vir my ma sê nie
 204 want ek dink dit sal bietjie aan haar kou.
- 205 C: Ja
- 206 K: Ja, nee dit is so. Sy voel nog steeds skuldig daarvoor. Ons weet dit en sy moet
 207 ophou maar. Sy kan nie die res van haar lewe skuldig voel nie. Oor alles. Sy
 208 kan haarself nie vergewe nie. Dit is verskriklik, mmm, dit is vir haar baie hard.
- 209 C: Mmm
- 210 K: Ag, dis okay, ons sal lewe
- 211 C: Okay dan toe vertel vir my die stuk tot by die standerd agt kamp waar jy haar toe
 212 vergewe het en begin uitreik het
- 213 K: O,
- 214 C: Voorheen het jy in “silencing and secracy” gegaan
- 215 K: Ja, kyk ek was nog altyd “nice” met my ma, ek het laas keer mos vir jou gesê ek
 216 kan nie vir my “close-close relatives” mos sê, “jy dit en dit”. Ek kom altyd baie-
 217 baie “nice” voor. So my ma het nooit geweet ek is kwaad vir haar nie, nooit-nooit-
 218 nooit nie. Ek het vir daai vier jaar, vandat ek uitgevind het, van standerd vier tot
 219 standerd agt toe nie eenkeer gebid nie, nie bybel gelees nie, want jy het my skade
 220 aangedoen, hoekom doen jy dit aan my, jy weet, hoekom ek. Goed.
- 221 C: Toe is jy nie net kwaad vir jou ma nie, maar ook vir Liewe Jesus.
- 222 K: O ja, verskriklik.
- 223 C: Okay
- 224 K: Baie kwaad. Toe besluit ek, ek gaan op hierdie kamp gaan. Dit was in standerd
 225 agt gewees. Ja, ek het eenkeer in standerd agt gegaan en eenkeer in standerd
 226 nege gegaan. Of ek was twee keer in standerd agt daar.
 227 So daar rond. En die eerste keer het ek gegaan om hierdie mense net te
 228 vergewe. Asseblief tog. Ek moet die Here begin vergewe, ek moet hierdie Linda
